

## Hoofstuk 4: Die spotprent

*“A group of vision competencies a human being can develop by seeing and at the same time having and interpreting other sensory experiences. The development of these competencies is fundamental to normal human learning. When developed they enable a visually literate person to discriminate and interpret the visual actions, objects and symbols, natural and man-made, that he encounters in his environment”. (Debes, 1969: 25)*

### 4 Teoretiese benadering

#### 4.1 Karikatuur versus strokiesprent

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen karikatuur (cartoon) en strokiesprent (comic). 'n Karikatuur is 'n piktorale verteenwoordiging van 'n persoon, omstandigheid of idee wat ontwerp word om openbare mening te beïnvloed. Strokiesprente bestaan uit 'n reeks opeenvolgende tekeninge wat narratief is en ten doel het om die leser op te voed of te vermaak (Silbermann, 1986: 29).

'n Sinoniem vir die begrip “spotprent” is die term “karikatuur”, wat in sy Italiaanse vorm “curicature” aan ons bekend geraak het. “Caricatura” het weer sy ontstaan uit die Latynse woord “caricare” wat “om te laai” beteken. Die spotprent of karikatuur wil sekere “eienskappe” van 'n voorval of persoon oorlaai, vandaar die verwysing na oordrywing (Van Schoor, 1981:7).

Hoewel as sinonieme beskryf, is daar 'n geringe verskil tussen die begrippe ‘spotprent’ en ‘karikatuur’. Die karikatuur laat die klem op die satiriese val, terwyl die spotprent die aksent op die vermaaklike plaas, tensy die tema van die spotprent polities van aard is (Lucie-Smith, 1981:13).

Volgens Van Schoor (1981: 7) is die spotprent altyd tendensieus, in 'n sekere sin skeefgetrekte kommentaar op die optrede van mense, 'n toespeling op hulle flaters en dwaashede en 'n onsinnige of absurde voorstelling van die werklikheid. Van Schoor (1978:7) meen dat spot, wat met hekelende en satiriese humor

gepaard gaan, die belangrikste oogmerk van enige spotprent is”...*daarsonder is dit geen karikatuur nie*”. Soos wat die begrip ‘*spotprent*’ aandui, bevat dit elemente van spot, hekel, terg, koggel of selfs krasse vorme van hoon, soos belaglik maak of beledig.

#### 4.2 Die spotprent as kunsvorm

JC Kloppers (1990: 22) noem dat D.C. Boonzaaier, wat in sy lewe deur kenners as ‘n spotprenttekenaar van wêreldformaat bestempel is, hom só oor hierdie kunsvorm uitgelaat het: “Karikatuur is ‘n veel fyner kuns as wat die meeste mense hul dit voorstel...” Hierdie grafiese kunsvorm is volgens Cillié een van die vernaamste massakunste van ons tyd, maar as mediakuns of grafiese joernalistiek is dit ‘n onderskatte afdeling van die kommunikasie-praktyk (Schoonraad, 1983: Voorwoord).

Bo en behalwe die boodskap of standpunt wat die spotprent deur oordrywing of aan die hand van simbole kommunikeer, lewer dit ook, as eeu oue beproefde medium, kommentaar ten tye van krisisse en wendinge in wêreldgebeure of oor belangrike of minder belangrike gebeure in ‘n land se geskiedenis (Van Schoor, 1981: 7). Die wyse waarop hierdie kunsvorm kommentaar lewer, maak van hom ‘n wapen vir satire (Schoonraad, 1983: 1).

Die wese van die spotprentkunstenaar se humor is, volgens Walker (1978: 8), om bekende en gerespekteerde figure of persoonlikhede in ‘n milieu of opset te plaas wat hulle vanuit ‘n ‘ander’ perspektief belig of herinterpreteer. “*Part of the humour is to surprise us by bringing together and reconciling disparate elements*”.

Die spotprent is nie uitsluitlik op die spot met, of hekeling van, ‘n teenstander se foute of flaters ingestel nie. Dit kan ook op ‘n bedekte of uitdruklike, ‘n subtiele of openlike wyse drogredenasië ontbloot en skynheiligheid of slinkse politieke sette oopkrap. Die spotprent beskik wel met sy ‘hekelende humor’ oor die besondere vermoë om as uitlaatklep vir opgekropte politieke ergernis of sosiale druk van allerlei aard te dien (Van Schoor, 1981: 7).

Lucie-Smith (1981: 9) meen dat spotprente of karikatuursketse nie noodwendig altyd humoristies hoef te wees nie. Baie spotprente bevat, volgens hom, 'n geringe suggestie van humor. *'Indeed some of the greatest caricatures, such as Honoré Daumier's La rue Transnonian, rise to heights of tragic power which make them rivals in seriousness and in emotional impact to all other forms of visual art:.* Die karikatuur kan ook as 'n **allegoriese tekening of skets** beskryf word wat die uitsluitlike doel het om die lesers te laat dink, en nie te laat lag nie – *"the true definition for caricature is to be found, not by examining any particular manner the artist happens to adopt, but by trying to discover what kind of audience he has in his mind's eye"* (Lucie-Smith, 1981: 9).

Spotprente is nie noodwendig altyd polities van aard nie. *"Cartooning is an art form and a powerful visual means of dealing with historical, political, economic, or social issues"* (Fuller and Pribble, 1982: 9).

Hoewel die niepolitiese spotprente in koerante hoofsaaklik aangewend word om lesers te vermaak of te amuseer (Partlow, 1975: 125), is die politieke spotprent nie veronderstel om noodwendig snaaks te wees nie. Humor in politieke spotprente is, volgens Walker (1978: 9), 'n bonus en moet nie as 'n vanselfsprekendheid beskou word nie.

### 4.3 Die wese van die spotprent

Om die wese van spotprente te verstaan, is dit nodig dat daar gekyk moet word na die rede vir die gebruik van humor in prente, spotprente, strokiesprente of wat ook al.

#### 4.3.1 Lag

Volgens Bergson (1960: 43 - 64) word die individu wat moeilik verander om by 'n situasie aan te pas, as komieklik beskou. Die aksie van lag is 'n sosiale gebeurtenis wat binne 'n groep afspeel. In voortsetting van Charles Darwin se teorie dat, in sy oorspronklike vorm, lag 'n aanduiding was van 'n toestand van

vreugde en optimisme, het McComas (1923: 30, 45 - 55) gemeen dat dit 'n essensiële teken was van 'n positiewe gemoedstoestand, en 'n uitnodiging gevorm het vir ander om dit te deel. Lag dien gevolglik ook as 'n metode vir die sosialisering van 'n individu.

#### 4.3.2. Humor

Combrink (1997: 12) beweer dat humor gedurende moeilike tye, soos in oorlogstye, gebruik word om **moeilike situasies** te verwerk. McDougall (1903: 67, 318 - 319) meen dat lag in die mens ontwikkel het as 'n biologiese meganisme om oormatige simpatie vir ander mense se teëspoed en probleme teen te werk, sodat die psigologiese las vir die individu nie te groot word nie. Hier kan ook verwys word na die sogenaamde '**galgehumor**'. Hierdie vorm van humor is onderliggend in Freud se teorie dat die maak van grappe onderdrukte impulse en spanning omskep vanaf onaangename na aangename gevoelens (McGhee, 1979: 61).

So word humor ook gebruik om byvoorbeeld **onaanvaarbare of toelaatbare gedrag** in die gemeenskap af of goed te keur, vandaar die gesegde: '*Many a true word spoken in jest!*' Dit is dan binne hierdie sosiologiese aspek van humor waar satire sy inslag kry, aangesien dit met die **gemeenskapswaardes en -norme** te make het (Combrink, 1997: 12).

Humor as sosiale manifestasie vereis dat ten minste twee mense, direk of indirek, betrokke moet wees by die skep daarvan. Kunstenaars vorm 'n gedeelte van die spreekbuis waardeur hierdie afwykings onder die aandag gebring word, en so word daar op 'n satiriese wyse baie van die tekortkominge in die optrede van die gemeenskap aangespreek, bv. **skynheiligheid, dweepsug**, ens.

Alhoewel die sosiologiese invloede noodsaaklik is by die skep en waardering van humor, is dit nie al invloede wat bestaan nie. Psigologiese, fisiologiese, estetiese, taalkundige en geskiedkundige omstandighede bepaal hoe ons op humor sal reageer (McGee, 1983: 176).

**Inkongruensie, verrassing, konflik of dubbelsinnigheid** is die mees algemene strukture waarop humor gebou word. McGee (1979: 10) argumenteer dat inkongruensie as sentrale meganisme bygestaan word deur 'n bykomstige emosionele gemoedsgesteldheid van die toeskouer om verhoogde humor te bewerkstellig: *“That incongruity is central to all humour is an assumption adopted throughout this book: that is, something unexpected, out of context, inappropriate, unreasonable, illogical, exaggerated, and so forth, must serve as the basic vehicle for the humour of an event, even though additional elements like sex and aggression maximize funniness”*.

Combrink (1997: 14) sê dat baie skrywers verkies dat daar 'n element van **verrassing of 'skok'** aan 'n situasie gekoppel moet word, wat dan die teenstrydighede van emosies of gedagtes van die deelnemer as katalisator begelei. Immanuel Kant (1790: 177) het gemeen dat lag *“...an affection arising from the sudden transformation of a strained expectation into nothing...”* is. Dit is juis die afwesigheid van verrassing wat 'n grap sy snaaksigheid ontnem wanneer dit die tweede maal vertel word. **Onvoorspelbaarheid** gebeur juis wanneer 'n persoon 'n logiese proses verbeel en verwag, en 'n ander onverwagse gebeurtenis vind plaas.

**Spanningsontlading** deur middel van humor is algemeen waarneembaar in situasies soos oorloë en konflikte, waar dit dan as maatstaf dien om die situasie binne perspektief te stel, of die erns te verminder (Combrink, 1997: 21).

Berlyne (1972: 52) het twee opwekkingsveranderinge vasgestel wat vermoedelik betrokke is by die gevoel van plesier in 'n algemene sin, naamlik:

- 1) die vermindering van 'n hoë opwekkingsgevoel en
- 2) beskeie vermeerdering in die opwekkingsgevoel, gevolg deur 'n skielike afname.

Combrink noem dat daar 'n kromlynige verhouding bestaan tussen die opwekkingsvlak en die hoeveelheid genot wat verkry word. Sy gevolgtrekking is dat beskeie vlakke van opwekking meer genotvol is as baie hoë of lae vlakke.

Die opwekking waarna Berlyne verwys, kan afkomstig wees van 'n hele aantal oorspronge, insluitend **aggressiewe, seksuele en angsopwekkings** in 'n grap, sowel as intellektueel-stimulerende meganismes soos **inkongruensie en kompleksiteit** (McGhee, 1979: 16). Rothbart (1973: 80, 247 - 256) voeg by Berlyne se teorie sy siening dat die opwekkingsdinamika gepaard moet gaan met die wete dat die situasie geen gevaar vir die toeskouer inhou nie. Genot opgewek uit hierdie opwekkingsdinamika kan ook gevind word in byvoorbeeld 'n bekende komplot-komponent van baie aksie-dramas, waar die toeskouer stelselmatig opgewerk word deur 'n jaagtog van een of ander aard, met die klimaks wat bereik word wanneer die held / heldin die dreigende gevaar neutraliseer. In die geval van humor bevat die situasie normaalweg leidrade wat dit duidelik aan die toeskouer stel dat die omstandighede nie ernstig opgeneem moet word nie.

McGhee (1979: 17) verwys na die sneller wat tot lag of glimlag lei, as volg: *“Actually, the combination of the original intensity level and the suddenness of the drop in neural firing determine whether the smiling or laughing occurs”*. **Tyd** is hier gevolglik ook ter sprake in die duur van die opwekkingsprosedure. Die vraag wat ontstaan, is hoe hierdie langdurige prosedure van opwekking in die visuele kuns prakties toepasbaar kan wees? In die geval van die strokiesprente is dit voor die hand liggend, maar wat van enkel beelde of skilderye (Combrink, 1997: 22)?

'n Uitgerekte verwagtingstydperk is nie noodwendig noodsaaklik vir die ervaring van humor nie. In die geval van spotprente en karikature sonder byskrif vorm die visuele inkongruensie feitlik onmiddellik die sneller vir die humor, soos geargumenteer deur McGhee (1979: 18).

Combrink (1997: 23 - 25) noem dat net soos wat die komediant besluit watter vorm van humor hy gaan beoefen, en watter teikengehoor hy wil bereik, so het die toeskouer die voorreg om van sy kant af 'n sekere tipe humor volgens sy smaak af te keur of goed te keur. Die kunstenaar wat verkies om humoristiese werk te skep,

word hieraan onderhewig gestel. Humor, satire en parodie het onder andere een ding gemeen, naamlik die oorkoepelende term 'komedie'.

#### 4.3.3 Onderskeid tussen die verskillende soorte komediante

Die vernuf om mense te amuseer is 'n gesogte een, en komediante (en kunstenaars) ontwikkel gewoonlik 'n spesifieke vorm van komedie wat by hulle persoonlikhede pas. Robinson (1977: 155 - 156) onderskei tussen die verskillende soorte komediante:

- i. **Die vernuftige:** Hierdie komediant vorm komiese idees uit alledaagse gebeurtenisse somer terwyl hy besig is om te gesels. Hy skep 'n grappige uitbeelding van die lewe en menslike ondervinding en uitdrukking. Hy reageer skerpsinnig en bitsig op aanmerkings ten koste van ander.
- ii. **Die satirikus:** Die grapmaker met 'n angel. Hierdie persoon vind humor in die kontroversiële, sosiale-, politieke en taboe-aangeleenthede.
- iii. **Die woordspeler:** Hierdie komediant verlustig hom daarin om woordspeling te gebruik. Hy gebruik akronieme en woorde wat dubbelsinnig opgeneem kan word.
- iv. **Die nar:** Sy uitdrukking vind plaas deur komieklieke kaperjolle wat gedramatiseer, maar met min dialoog, gepaard gaan.
- v. **Die grapverteller:** Hierdie komediant se sukses berus op die manier waarop hy 'n storie of grap vertel, nie soseer wat die grap se trefreël (*punch line*) is nie.
- vi. **Die opportunist:** Hy vind die regte grap op die regte tyd. Hy som 'n huidige gebeurtenis op, en maak 'n grap daarvan.

- vii. **Die storieverteller:** Hierdie verhale herinner aan die ‘Spies en Plessis’-reeks van televisie-faam. Dit lig daaglikse gebeurtenisse op komiese wyse uit, en die humor is minder aggressief en venynig. Die humor keer dikwels terug op die komediant self, en daar word verwys na persoonlike verleenthede.
- viii. **Die terggees:** Hierdie persoon hou daarvan om te terg. Skertsende geselstrant is ‘n normale deel van sy kommunikasieproses.
- ix. **Die praktiese grapmaker:** Hy beplan praktiese truuks om mense te vermaak, gewoonlik ten koste van die slagoffer.

‘n Kombinasie van een of meer van bogenoemde vorms van komedie kan terselfdertyd voorkom in een persoonlikheid. Die omstandighede is dinamies, en ‘n mens se waardering van sekere tipe humor verander ook van tyd tot tyd.

#### 4.3.4 Soorte grappe

Wat die toeskouer betref, kan genoem word dat byvoorbeeld die ‘Mirth Response Test’, gebaseer op (die) Freudiaanse teorie, gebruik maak van spotprente en strokiesprente om persoonlikhede te bepaal en die emosionele stand van ‘n persoon vas te stel (Robinson, 1977: 140). In hierdie geval word beeldmateriaal gebruik vir die toetsing. Mindess (1971: 176 - 178) op sy beurt maak gebruik van ‘n eenvoudige toets waar grappe gebruik word om vas te stel watter soort humor die toeskouer amusant vind. Hy verdeel die grappe in vier basiese kategorieë, **nl. filosofiese, sinnelose, vyandige en seksuele** afdelings. Deur af te merk watter grap / grappe ‘n persoon snaaks of glad nie snaaks vind nie, kan vasgestel word watter tipe humor die persoon aanstaan. ‘n Paar van hierdie voorbeelde volg:

##### I. Filosofies:

*‘Love is a disease that creates its own antibody: marriage.’*



In hierdie geval word daar van die leser verwag om die trefreël uit te werk, met ander woorde die oplossing te soek deur intellektuele betrokkenheid. Hierdie tipe humor-struktuur pas goed by die taalmedium en die titel vorm soms 'n kriptiese leidraad wat die toeskouer motiveer om die oplossing in die skildery of beeld te soek.

## II. Sinneloos:

Q: *What does a 300-pound canary say?*

A: **CHURP!**

Inkongruensie is in hierdie geval die ruggraat van hierdie vorm van humor.

## III. Vyandigheid

*'When two politicians accuse each other of lying, both of them are telling the truth'*

Die meerderwaardigheid en neerhalende teorieë kom hier ter sprake.

## IV. Seksueel

*'A farmer is showing a beautiful lady visitor around his farm. They watch a bull lustily mating a cow. Putting his arms around the lady's waist, the farmer says: "Boy, I'd sure like to do something like that". "Well, why don't you?" she replies. "It's your cow".* Deur die boer, wat onweloweglik opgetree het op sy plek te sit, word genot verskaf aan die leser. **Meerderwaardigheid** en **onvanpastheid** is hier van toepassing.

Combrink (1997: 28) noem dat hierdie verskeidenheid vorme van humor en waardering daarvoor, soos gekategoriseer deur Mindess, is, soos bewys, vorm op een of ander wyse uiteindelik 'n gedeelte van die styl van die humoristiese kunstenaar.

Samevattend kan aanvaar word dat humor gevind word in 'n geestesondervinding waarin 'n persoon absurde, inkongruente idees en omstandighede begryp en waardeer, en ook 'n besondere genot daaruit put. 'n Verdere aanname is dat

humor ook gedefinieer kan word as bestaande uit bydraes tot 'n gebeurtenis wat 'n mens kan laat lag.

Voor daar verder na spesifieke voorbeelde gekyk word, is dit nodig vir die doeleinde van die spotprent en strokiesverhaal om na die begrip **satire** te kyk.

#### 4.3.5 Satire

Die woord 'satire' is afkomstig van die Latynse woord 'satura' wat vertaal kan word as 'n offer van gemengde vrugte in 'n bak', oftewel 'n gekleurde potpourri. Hierdie woord is deur die Romeine ontwikkel en word letterkundig byvoorbeeld deur die digter Ennius gebruik om 'n bundel met gemengde gedigte te benoem. In sy kort gedigte wat Horatius 'satires' noem, probeer hy 'n balans skep tussen die spot dryf en berisping. Hy gebruik hier ook die sinoniem 'satiriseer' vir hekeling (Eksteen 1990: 326).

Combrink (1997: 29) beweer verder dat die paradoksale aard van satire gevind kan word in die eienskappe daarvan. Om sosiologies wantoestande aan te spreek, kan satire van verskeie grade van gevoel varieer wat tussen lughartigheid aan die een kant, na krenking en bitsige sarkasme aan die ander kant, wissel.

Robinson (1977: 156) verwys na die satirikus as: "*The sword of wit, finds humour in controversial, social, political and taboo issues*". Die slagoffers van die satiris (satirikus) word somtyds in gedramatiseerde, belaglike en vernederende situasies geplaas. Ander kere word die bekende werklikhede op 'n speelse manier krities verdraai.

Soos in humor word daar kenmerke herken wat teenwoordig is wanneer satire ter sprake kom, nl. die teenwoordigheid van 'n element van *inkongruensie* en die uitdrukking van *kritiek*, (wat in die toeskouer se gemoed), teenwoordig is. 'n Gemoedelike, afgewaterde verteenwoordigende vorm van satire wat kritiek (aan)betref, kan gevind word in die werk van die sogenaamde Vlaamse 'genre'-kunstenaar soos byvoorbeeld in die werk van Jan Steen (Combrink, J.C. 1997:

30). Funktioneel verskil hedendaagse satire egter heelwat van hierdie tydperk. Dit dien nie noodwendig 'n moraliserende doel in die breë verband van die samelewing nie, maar reflekteer eerder 'n persoonlike mening of kritiese lewensperspektief op intellektuele vlak.

#### 4.3.6 Onderskeid tussen humor en satire

Combrink noem dat daar 'n verskil is tussen humor en satiriese humor. 'n Humoristiese werk bevat inkongruensie sonder angel, en die satiriese humor bevat soms bytende, kritiese, sosiale en persoonlike kommentaar. Hy voel ook dat aangesien parodie nou met satire saamhang, die parodie as meganisme van satire ook kortliks vermeld moet word.

#### 4.3.7 Parodie

Combrink verwys na parodie soos aangehaal deur as 'n grappige nabootsing van byvoorbeeld 'n gedig. Die woord 'parodie' is afkomstig van die Griekse woord *parodia*, ('n samestelling) 'n saamgestelde preposisie wat bestaan uit *para*, 'van langsaan' en die woord *odé* wat 'lied' beteken. Die woord het oorspronklik verwys na improvisasies wat deur die vroeë sangers as byvoegings tot ernstige liedere gemaak is. Hierdie verwerkings is aangebied in dieselfde styl en op dieselfde manier as die oorspronklike werk, maar die inhoud is aangepas tot plaaslike werklikhede, eerder as heroïese voorstellings.

Kritici van parodie beskou dit as 'n **parasitiese** en **destruktiwe** kuns aangesien dit volgens hulle geskep word om die oorspronklike te verkleineer, en dus geen intrinsieke waarde het wat 'n onafhanklike, positiewe en oorspronklike bydrae lewer nie. Kiremidjian (1985: 3 - 4), wys egter daarop dat waar 'n kunswerk geneig is om dit 'wat is' weer te gee, parodie dit wat verkeerd is, sal ontbloot.

#### 4.3.8 Parodie versus satire

Van die vier tipes: tragedie, komedie, mimiek en satire, word parodie allereers beskou as die naaste verwant aan satire. Combrink (1997 : 43) het gemeen dat

parodie, in plaas daarvan om die waarheid te degradeer deur verkleining soos sommige se mening is, dit juis degradasie en valshede beklemtoon, dat dit dus 'n kritiese eksposisie vorm.

Bloom en Bloom (1979: 15) verwys na satire as “...*satire has always demonstrated its adaptability to circumstance and intention*”. Parodie, aan die ander kant, is genoodsaak om die vorm van die oorspronklike werk waarna verwys word, oor te neem, aangesien dit nie oor sy eie struktuur, meganisme of vorm beskik nie (Kiremidjian 1985: 6). Waar die kunswerk byvoorbeeld 'n spieël sou hou teenoor die natuur, sal satire 'n spieël met 'n verwronge oppervlak na die natuur hou, en parodie sal 'n spieël na die kunswerk hou.

#### **4.3.9 Die politieke spotprent**

Kloppers, J.C. (1990: 28 - 29) verwys na die politieke spotprent as iets wat kommentaar lewer op die nuus van die dag; dat dit deel vorm van 'n voortdurende debat en dat dit grootliks vanuit 'n bepaalde politieke perspektief geteken word. Hy noem verder dat die spotprent of karikatuur sover terug as die Steentydperk dateer toe daar op rotse geskilder is. Rotstekeninge was kunsuitinge sowel as “wapens vir satire”. Later, in die Egiptiese, Griekse en Romeinse kuns word daar ook vorme van karikatuur as satiriese kunsuitinge aangetref. 'n Sterk neiging tot die groteske uitbeelding van dinge het gedurende die Middeleeue ontstaan. Aan die einde van die vyftiende eeu het die boekdrukkuns ontstaan en hiermee saam het die “uitgesproke en radikale politieke satire” ontwikkel. Humoristiese en satiriese uitbeeldings, as draers van politieke of rewolusionêre idees, kon gereproduseer en versprei word. Veral ten tye van die Hervorming is hierdie medium met groot sukses aangewend.

Kloppers (1990: 29) gaan verder van die standpunt uit dat die politieke spotprent meer as net humoristiese of satiriese uitbeeldings is. As “karikatuur” kan dit ook 'n “anti-portret” van 'n herkenbare individu wees deurdat die opvallende kenmerke van die persoon wat uitgebeeld word, oorbeklemtoon word. Die spotprent is nie 'n presiese beeld van die getekende onderwerp nie; slegs die wese van die persoon

of situasie wat uitgebeeld word, word geskets. Kotze (1988a: 21):”*What the label does usually imply is some degree of fantasy or exaggeration, plus an attempt to use a genuinely ‘popular idiom’*”.

Bo en behalwe sy “vermoëns” om die publiek te laat lag, te laat dink, of net vir ‘n ligte oomblik, te midde van al die druk van ons daaglikse lewe, te sorg, wil die spotprent veral iets van die mens in die algemeen sê, aldus Lucie-Smith (1981: 19) “...*by making some point about the nature of man rather than about the nature of the individual man*”.

In Kloppers (1990: 29) se bespreking word beweer dat daar met ‘n politieke spotprent **onmiddellike kommentaar** gelewer word op ‘n situasie deurdat net ‘n **sekere aspek** belig word: “*The political cartoon is primarily an immediate comment on a given situation which makes no claim or effort to show all sides of the situation. It is after all political comment in which the familiar and respected figure is placed in an environment which illustrates and re-interprets it...*”

#### 4.3.10 Die spotprent: grafiese kunsvorm

Mouton meen die spotprent is meer as net ‘n **blote illustrasie**. Dit is ‘n kunsvorm – grafiese kuns. Hy sê dit is op sigself ‘n kuns om die prent of gedagte uitgebeeld te kry. Die spotprent is dus meer as net ‘n tekening ter toeligting of verduideliking van iets. Dit sê iets op sigself.

Schoonraad (1983: 55) beweer: “Om visueel gestalte aan ‘n goeie idee te gee, is die moeilikste aspek van spotprentwerk”. Die rede, voer hy aan, is omdat die idee die visuele moet lei – en die kunsuiting word só heel dikwels daardeur beperk.

Kotzé (1988a: 20) beskryf die spotprent soos volg: die spotprent verskil van ander prente in die opsig dat die idee alleen die belangrikste vereiste is. Dit maak geen verskil of die idee is om in te lig, te amuseer of iemand te oorreed nie. Hierdie idee behoort oorgedra te word op ‘n reguit en eenvoudige manier op so ‘n wyse dat mense sal weet dit is ‘n spotprent en nie ‘n kunswerk nie. ‘n Spotprent het min

te doen met prag of grasia, maar het te doen met krag en uniekheid; dit is 'n spesifieke kunsvorm vir 'n spesifieke doel en veronderstel die vermoë om dinge op sarkastiese, humoristiese of snydende wyse te sê.

*“The cartoon differs from any other picture in that the idea alone is the essential requirement, whether it is meant to inform, reform or solely to amuse. This idea should be brought out with directness and simplicity, in such a way that people will know it is a cartoon and not a work of art. It has little to do with beauty or grace; it has much to do with strength and uniqueness. It is a peculiar form of art for a peculiar purpose, and presupposes the ability to say things trenchantly, humorously, or caustically, in terms of line” (Kotzé, 1988a: 20).*

Volgens Schoonraad (1988: ii) is die politieke spotprent 'n vorm van verslaggewing oor die verloop van die geskiedenis en veral die politieke geskiedenis. Hy noem die koerantwese die “gasheer” en “draer” van die spotprent. Schoonraad wys ook daarop dat die spotprent beslis nie 'n parasitiese bestaan ten opsigte van die koerantwese voer nie, maar dat dit 'n “simbiose op sy beste” is. Daar is gewoonlik 'n tema-ooreenkoms tussen die spotprent en die hoofartikel van 'n koerant. “Waar skrywers genoodsaak is om eers die gebeure te beskryf voordat kritiese opmerkings daarvoor gemaak kan word, is die spotprent in die unieke posisie om voorval en kommentaar gelyk weer te gee: (Schoonraad, 1981: 7).

Kloppers (1990: 30) noem verder in sy studie dat die waarde, funksie en trefkrag van politieke spotprente met die volgende drie aanhalings baie raak beskryf word: *“Cartoons are important to newspapers; they can be important to governments as propaganda. They have dramatic political effect”, “Cartoons can be subversive, just as they can help to reinforce and justify the status quo” (Walker, 1978: 22) en “Times of crises are like shots of adrenalin to the political cartoonist, whose pen fairly quivers in anticipation of presidential elections and other national aberrations and scandals” (Robinson, 1981: 7).*

Kloppers (1990: 31) noem samevattend dat die spotprentkuns beskryf kan word as populêre kuns. Dit is die mees universele en demokratiese vorm van moderne

visuele kuns en ignoreer dikwels die artistieke konvensies van ons tyd. Dit maak nie alleen van growwe verdraaiings en oordrywing gebruik nie, maar van alle soorte onverenigbaarhede. Humor is slegs een van die wapens in 'n karikatuurkunstenaar se voorraad en die kunstenaar kombineer onverenigbaarhede deur van allegorie gebruik te maak (Lucie-Smith, 1981: 14 en 19).

#### 4.3.11 Kernelemente van die spotprentkuns

Hoewel die spotprentkuns 'n grafiese kuns met geïmpliseerde vryhede is, sal dit aan sekere basiese vereistes voldoen:

- Die voorstelling in die spotprent behoort **onmiddellike impak of trefkrag te hê** en die persone wat voorgestel word, sal
- **onmiddellik herkenbaar** wees (Kotzé, 1988a: 31)
- Dit **behoort eenvoudig en verstaanbaar** wees; (Kotzé, 1988a: 31) “Die spotprentkunstenaar sal binne die verwysingsveld van sy publiek bly: die gemene deler van hulle kennis, ervaring en emosies stel paal en perk aan sy kuns”
- ‘n Spotprent behoort nooit **beledigend of vulgêr** te wees nie, en die persoon of persone wat uitgebeeld word se waardigheid mag nooit afgetakel word nie. (Van Schoor, 1981: 8) Die spotprent sal na die optrede en dae van mense verwys en dááror kommentaar lewer.
- ‘n Belangrike faktor en die waarmerk van ‘n goeie spotprenttekenaar is die **sparsamigheid in aanwending van tekenlyn en woord** (Van Schoor, 1981: 8) Volgens hom bly die spotprent sonder onderskrif of byskrif die ideale een. “Alleen wanneer absoluut noodsaaklik, is beskrywing, naamgewing of etikettering geoorloof”.
- Alle geslaagde spotprente beskik volgens Kotzé (1988a: 32 – 33) oor ‘n **kragtige uitdrukkingsvermoë en ‘n multi-dimensionaliteit**. Wat ook al aan die spotprent toegeskryf of vereis word, sal die boodskap altyd bybly.
- **Kontraste** : Dit is soms nodig omdat die spotprentkunstenaar slegs ‘n beperkte ruimte tot sy beskikking het (Kloppers, 1990: 50). Die kontras kan wees tussen die visuele beelde of vorms en die teks (woordblasie-inhoud,

opskrif, onderskrif of byskrif), tussen twee of meer tekste, of tussen die algemene opvatting en die kunstenaar se vertolking daarvan. Hierdie metode “nooi” die leser uit om te vergelyk ten einde ‘n bepaalde standpunt daaroor in te neem. Die moontlikhede lê in die spotprent opgesluit; al wat die leser moet doen, is om dit volgens sy eie verwysingsraamwerk te ontsluit.

- **Weerspreking:** (Kloppers, 1990: 50): Daar kan ook van weerspreking gebruik gemaak word. Wanneer ‘n kunstenaar van die kommentaartipe uitleg gebruik maak, hou hy bloot ‘n sekere indruk of waarneming as die waarheid aan die leser voor. Sodanige kommentaar is gewoonlik die algemeen aanvaarde indruk en vra net van die leser om die ooreenkoms tussen die beeld en die boodskap wat in die spotprent vervat is, raak te sien. ‘n Voorbeeld hiervan is om die einde van ‘n verkiesingsveldtog voor te stel met ‘n klomp moeë atlete wat die wenstreep nader. Kommentaar, as ‘n wyse van uitleg, weerspieël ‘n politieke of kulturele waarheid. Geen botsende idees is ter sprake nie. Dit is die bevestiging van die beeld of opvatting wat alreeds by die lesers bestaan. **Weerspreking** kan soos by **kontras** op ‘n “botsing” tussen visuele en tekstuele inhoud bestaan. Waar kontras slegs die aandag van die leser op iets wil vestig, wil weerspreking afkeuring bewerkstellig. Kontras, as wyse van uitleg, ‘nooi’ die leser om die verskil tussen beeld A en beeld B raak te sien. Verskillende lesers sal, met ander woorde, ooreenkomstig hulle onderskeie vooroordele, tot verskillende interpretasies kom. Weerspreking, aan die ander kant, bied geen keuse nie. Die leser word gelei om op ‘n bepaalde wyse, naamlik met afkeur, te reageer. Die leser word as ‘t ware gevra om, ongeag sy vooroordele en agtergrond, ‘n bepaalde gevolgtrekking te aanvaar.
- **Styl:** Kloppers (1990 :51) dui aan dat styl die wesensaspek van enige kunsvorm is. Die gebruik van alwetende figuurtjies, soos Len Lindeque se wurms, ten einde ‘n kerngedagte oor te dra, of om ‘n bepaalde stemming te skep, is ‘n stylfiguur wat slegs hier vermelding verdien sonder enige verdere bespreking. Daar is minstens ses algemene stylelemente waarvan enige grafiese kunstenaar gebruik kan maak, nl.:



- ❖ Die gebruik van **lyn en vorm** om 'n sekere stemming te skep.
  - ❖ Die **relatiewe grootte** van voorwerpe in die illustrasie.
  - ❖ Die **plasing van voorwerpe** in die illustrasie.
  - ❖ Die **oordrywing of vergroting** van fisiese gelaatstrekke of eienskappe
  - ❖ Die **verhouding van die teks** (opskrif, byskrif en woordblasie) tot die visuele uitbeelding
  - ❖ Die **ritmiese naas- en oormekaarstelling** (montage) van elemente in die illustrasie wat as gevolg van die interaksie tussen die inhoudelike, die uitleg en die styl, ontstaan.
- **Die appèl** wat tot die geheue van die leser gerig word, beskou Kloppers (1990: 53) ook as 'n belangrike bestanddeel van die spotprentkuns. Die spotprenttekenaar vind sy inligting in die gesproke woord, geskrifte, visuele materiaal of sekere gebeure. Dit gee aanleiding tot 'n sekere idee wat uiteindelik in die vorm van grafiese oordrag daargestel word.
  - **Die oordrag:** Die “stem” van die spotprenttekenaar bestaan uit 'n samestelling van die standaardbeginsels van visuele ontwerp, naamlik **plasing, grootte en lettertipe**. Die plek en bladsy waarop 'n spotprent in 'n publikasie geplaas word, asook die “grootte” van die spotprent, bepaal die volume van die grafiese stem asook die sukses waarmee dit tot die leser spreek (Kloppers, 1990: 55).

Sebastian en Borton (1982: 26 – 31) onderstreep die belangrikheid daarvan dat die prent, en meer in besonder die spot- en tekenprent, aan sekere kwaliteitskriteria moet voldoen. Hieronder ressorteer:

- ✓ spasiëring van prente;
- ✓ panele wat slegs van links na regs geplaas behoort te word vir beter interpretasie;
- ✓ die oordeelkundige gebruik van tussenwerpsels soos 'ha', 'ouch' en 'oh'.
- ✓ 'wolkies' as gespreksimbole wat slegs een keer per persoon gebruik behoort te word en dan aan dieselfde kant as die persoon geplaas

behoort te word op so 'n wyse dat dit die normale leesrigting van links na regs volg.

#### **4.3.12 Die multi-dimensionele karakter van die spotprent**

Kloppers (1990: 68) noem verder dat dit die konkrete, maar veral ook die abstrakte eienskappe van die tekening, wat aan die spotprent 'n multi-dimensionele karakter gee, wat die spotprenttekenaar gebruik as draers van die idee. Daar word nie in elke spotprent van al die moontlike elemente gebruik gemaak nie, maar die bepaalde keuse van konkrete en abstrakte elemente wat die spotprenttekenaar vir 'n spesifieke spotprent maak, en die wyse waarop hy dit in sy tekening aanwend, spel die bepaalde politieke perspektief van die spotprenttekenaar of koerant waarvoor hy teken, uit. Die belangrikste abstrakte eienskappe of dimensies word vervolgens deur Kloppers(1990: 68) genoem en omskryf:

<u>Interpretatief</u>	die vertolking, verklaring, beoordeling van 'n gebeurtenis, situasie of instelling word versterk.
<u>Tendensieus</u>	'n poging om 'n bepaalde indruk te maak.
<u>Sinspelend / Toespelend</u>	'n bedekte aanduiding of 'n vae en indirekte verwysing na iets sonder om dit noodwendig uitdruklik te noem.
<u>Impliserend</u>	die stilswyende insluiting van 'n gedagte of 'n aanname.
<u>Metafories</u>	'n oordragtlike uitdrukking wat op 'n vergelyking of 'n ooreenkoms berus – 'n beeld word in die plek van die eintlike voorstelling geplaas – die ooreenkoms tussen twee vergeleke voorwerpe word gesuggereer – ook 'n beknopte vergelyking genoem.
<u>Analogies</u>	die skepping of aanduiding van 'n gedeeltelike ooreenkoms tussen verskillende elemente wat in ander opsigte van mekaar verskil.



<u>Grotesk</u>	‘n lagwekkende, vreemde, buitensporige en oordrewe uitdrukking.
<u>Absurd</u>	‘n ongerymde uitdrukking van iets wat strydig is met die rede.
<u>Satiries</u>	die voorstelling van menslike swakhede, dwaashede of ondeugde op ‘n hekelende, spottende, koggelende, tergende, beleedigende en selfs soms byna lasterlike manier.
<u>Woordspelend</u>	‘n geestige gebruikmaking van dieselfde woorde of amper gelykklinkende woorde in verskillende betekenis.
<u>Humoristies</u>	‘n grappige, geestige of luimige voorstelling
<u>Allegories / Sinnebeeldig</u>	‘n waarneembare aanduiding of voorstelling van ‘n abstrakte begrip.
<u>Subjektief / Perspektiwies</u>	‘n bevooroordeelde of partydige voorstelling, m.a.w. ‘n voorstelling vanuit ‘n bepaalde standpunt, sienswyse of beskouing.

Die basiese vaardigheid van die spotprentinterpretasie sluit die ontleding, vertolking, sintetisering en evaluering daarvan in. Heitzmann (1988a: 21) is van mening dat hierdie basiese vaardigheid in totaliteit bemeester kan word deur dit subvaardighede te verdeel. Die volgende **veertien subvaardighede** of aktiwiteite wat Heitzmann voorstel, word aangedui (nie noodwendig sy volgorde nie):

- Identifisering van die spotprentkunstenaar.
- Identifisering van die bron waarin die spotprent oorspronklik verskyn het (koerant, nuusblad, tydskrif, ens.).
- Vasstelling van die datum waarop die spotprent geteken is.
- Notering (listing) van die opskrifte, onderskrifte of byskrifte en woord-blasie-inhoud (word balloons).
- Herkenning van die gebruik van karikatuur.
- Herkenning van die gebruik van stereotipes en / of simbole.



- Herkenning en waardering van die aanwending van humor.
- Identifisering van historiese verwysings, beelde of gebeure.
- Herkenning van tema, onderwerp of grondgedagte
- Begrip van boodskap of mededeling.
- Beoordeling van die vooroordeel of perspektief waaruit die spotprent geteken is.
- Beoordeling van die spotprent vanuit 'n eie perspektief.
- Vergelyking van tegnieke wat in verskillende spotprente aangewend is.
- Vergelyking van boodskappe in verskillende spotprente.
- Vergelyking van perspektiewe in verskillende spotprente
- Die self teken van 'n politieke spotprent om só uiting aan 'n persoonlike oortuiging, perspektief of beskouing te gee
- Die evaluering van 'n politieke spotprent se trefkrag en die joernalistieke waarde.

Vrey (1979: 192) het bevind dat die adolessent politieke spotprente kan interpreteer, terwyl jonger leerders nie daartoe in staat is nie. Dit is binne die ouer leerder (gr.11 en 12) se vermoë om van die letterlike na die metaforiese figuurlike betekenis oor te gaan. Hy kan bv. die verband tussen 'n 'donkie' en 'n 'politieke figuur' insien, daarom snap hy die dubbele betekenis daarvan.

Volwassewording en leer geskied wisselwerkend en interafhanklik van mekaar. Daarom is daar die voortdurende strewe om bepaalde vakkennis te bemeester, as 'n wyse van bevrediging van die dors na kennis. Die leerder is nie altyd in staat om suksesvol verbande te sien nie, daarom die noodsaaklikheid om hom daartoe te begelei.

Basiese vaardighede van spotprentinterpretasie, as totaliteit van genoemde subvaardighede: Kloppers (1990: 83): "**Om te kan ontleed, vertolk, sintetiseer en evalueer**, is van die moeilikste denkvaardighede wat leerlinge moet aanleer en baasraak. Ten einde hierdie vaardighede aan die hand van die (politieke) spotprent te bemeester, moet dit ook verkieslik in genoemde volgorde geskied en

moet leerders geleer word om eers na die verskillende elemente of komponente van 'n spotprent te kyk". (Dit sluit aan by Heitzmann se model van subvaardighede.)

Die leerders behoort nie uit die staanspoor met die vraag: "Wat dink jy van hierdie spotprent?" gekonfronteer word nie, maar wel met vrae oor die verskillende elemente, onderdele of komponente soos: "Wat sien jy alles in die spotprent?" Die spotprent word juis aanvanklik ontleed of in dele geskei ten einde later die samehang tussen die dele te begryp. Nadat die konkrete eienskappe geskei is, kan daar gepoog word om dit te verklaar of te vertolk. Op hierdie wyse word die abstrakte, die idee met of die boodskap in die spotprent, blootgelê. Deur so te werk te gaan, sal die leerders uiteindelik in staat wees om die samehang tussen die dele raak te sien, te sintetiseer en die spotprent in sy geheel te evalueer.

Kloppers ('90: 84 - 85) beveel 3 stappe aan om die spotprent aan te pak:

**Stap 1:** Alle **gegewens of detail** op die gegewe spotprent behoort bestudeer te word. Besondere **fyn waarneming** is moontlik.

**Stap 2:** Al die leidrade, m.a.w. alles wat **geteken of geskryf** staan en wat iets aantoon of simboliseer, behoort **omkring** te word.

**Stap 3:** Al die leidrade behoort afsonderlik **vertolk** of **verklaar** te word.

Daar word aanbeveel:

- o Mense kyk vanuit verskillende perspektiewe na 'n (politieke) spotprent, daarom is dit vanselfsprekend dat daar verskillende interpretasies aan spotprente geheg kan word. Daar moet by die leerders 'n vrymoedigheid aangeleer word om met 'n alternatiewe interpretasie vorendag te kom en hulle kan in groepe werk sodat hulle oor die saak kan redeneer om die verskillende sienings te bespreek.
- o Leerders moet weet dat hulle geregtig is op 'n eie siening, maar dat sodanige siening gebaseer moet wees op ál die leidrade of elemente in die spotprent.

- Om leerders te help met die identifisering van spotprenttekenaars, kan die onderwyser op 'n gereelde basis inligting t.o.v. die mees prominente spotprenttekenaars met leerders behandel.
- Ten einde leerders vaardig te maak in die herkenning van karikatuur kan daar soos volg te werk gegaan word: die foto van bekende staatsmanne of figure kan aan die leerders getoon word. Daarna kan die karikature oor hierdie persoon in verskeie spotprente en deur verskillende spotprentkunstenaars aan hulle voorgedra word. Vervolgens kan die foto met die karikature vergelyk word ten einde te bepaal watter uiterlike eienskappe oordrewe en watter realisties uitgebeeld word.
- Omdat dit by die karikatuur gaan om 'n bespotlike, grappige of komiese voorstelling van iemand of iets te gee, gaan dit nie net oor die uiterlike of fisiese eienskappe van 'n persoon nie, maar ook om sy persoonlikheid, styl en optrede.
- Dit was deurgaans die mening van die spotprenttekenaars dat as jy 'n goeie spotprent van iemand wil teken, daar iets opwindend omtrent die persoon moet wees.
- Die aanwending van simboliek dikwels deur die herhaalde gebruik van sekere voorstellings is 'n belangrike element in die spotprentkuns.
- Eers nadat al die simbole of stereotipe beelde in 'n spotprent aangetoon én geïnterpreteer is, behoort leerders gevra te word om die hoofkarakter, -objek of -gebeure in die spotprent te identifiseer en om dit wat uitgebeeld is, te beskryf.
- Die vermoë of vaardigheid om die **tema, onderwerp of grondgedagte** in die spotprent te kan herken, kan, onder andere, ontwikkel word deur spotprent sonder opskrifte of onderskrifte aan leerders te toon met die versoek om self opskrifte of onderskrifte te formuleer. Die onderskrifte kan dan geskommel en aan leerders getoon word met die opdrag om self te besluit watter onderskrif by watter spotprent pas. Dit is belangrik dat leerders moet besef dat 'n op- of onderskrif nie altyd die enigste aanduiding is van dit waaroor die spotprent handel nie.

- Om leerders te lei om 'n boodskap of mededeling in 'n spotprent raak te sien of die spotprent te begryp, moet daar besef word dat die boodskap wat die leser in die spotprent lees, sterk verband hou met die interpretasie wat hy / sy aan die spotprent heg.
- Om leerders te leer hoe om die vooroordeel of perspektief waaruit 'n spotprent geteken is, te beoordeel, kan die koerantberig of –artikel waaruit die spotprent ontstaan het, behandel word en ook die voor- en nadele wat daar omtrent die saak bekend is, daarna kan die siening bespreek word.
- Twee spotprente oor 'n bepaalde onderwerp kan aan leerders voorgehou word met die versoek dat hulle moet besluit watter spotprent die onderwerp die beste en treffendste uitbeeld. Die antwoord of besluit sal vanselfsprekend beoordeel word volgens die wyse waarop dit geformuleer word én die motivering wat daarvoor aangevoer word en nié op grond van blote keuse van watter spotprent die beste is nie.
- Leerders kan geleer word om die interpretasie wat hulle aan 'n spotprent heg, in die vorm van sinne, paragrawe of selfs langer skryfstukke te verduidelik en só gelei word om die vaardighede te ontwikkel en te bemeester.

Monahan (1983: 62 – 65) stel 'n **voorafwerkswyse** voor wat leerders kan aanleer om gedagtes te orden: Eerstens moet die beskrywing gebaseer word op **waarneming** van al die besonderhede van die spotprent, die geheelindruk daarvan asook die verhouding tussen al die besonderhede.

Tweedens word **beredenering** 'n denkproses wat moet plaasvind terwyl daar geskryf word. Hierdie proses sluit **ontleding, vertolking, interpretering** en **evaluering** in.

Derdens: 'n **voorkennis** van die onderwerp is nodig wat in die spotprent uitgebeeld word, voordat die leerders kan vertolk, interpreteer en evalueer.

Monahan se strategie sluit basies by De Fren en Klopper se metodes van spotprentontleding aan. Dit moet egter in gedagte gehou word dat Monahan se strategie primêr 'n pre-skrifstrategie is. In hierdie geval is dit ook hoofsaaklik op die politieke spotprent gebaseer. Vir die doeleinde van hierdie studie word daar

na allerhande soorte spotprente gekyk en nie net vir politieke ontleding daarvan nie, maar vir die algemene ontleding met die oog op visuele geletterdheid in die algemeen. Die metode wat hy voorhou, sluit die volgende sewe stappe in:

**Stap 1:** 'n Spotprent oor 'n toepaslike onderwerp word aan die leerders vertoon.

**Stap 2:** Die leerders word versoek om binne die bestek van 'n paar minute die spotprent deeglik te bestudeer deur op al die besonderhede, maar ook op die geheelbeeld, te let.

**Stap 3:** Die leerders word gevra om ongeveer 10 tot 15 vrae oor die spotprent te formuleer. Die vraag waaroor die spotprent handel, behoort vir laaste gebêre te word. Die vrae moet hoofsaaklik toegespits word op al die besonderhede in die spotprent asook die onderlinge verhouding of samehang daartussen. Vrae soos: "Wie is die man wat uitgebeeld word?" en "In watter verband word hy uitgebeeld?" kan gevra word. Die vrae kan op die skryfbord geskryf word.

Die doel van die formulering van die vrae is tweeledig van aard. Eerstens lei dit die leerders om dit wat hulle waarneem, te verwoord. Tweedens sal leerders, deur vrae oor die verskillende elemente van die spotprent te vra, geleidelik die onderlinge verhouding tussen die elemente begin raaksien (dit is die proses van ontleding), wat uiteindelik tot die verstaan van die spotprent sal lei.

**Stap 4:** Nadat alle moontlike vrae gevra is, kan die leerders in kleiner groepe verdeel word. Die vrae kan dan in kleiner groepsverband bespreek en moontlike antwoord verkry word. In hierdie stadium dien die vrae ook as 'n kontrolemiddel waarmee vasgestel word of die leerders oor die nodige voorkennis beskik om interpreterend te kan skryf oor dit wat in die spotprent uitgebeeld is. As die vrae nie bevredigend beantwoord kan word nie, is dit duidelik dat die onderwerp waaroor die spotprent handel, eers goed bestudeer moet word.

**Stap 5:** Die onderskeie groepe kry nou geleentheid om voor die res van die leerders verslag te lewer oor hul antwoorde en dit ook te bespreek. Die antwoorde kan ook op die skryfbord neergeskryf word.

**Stap 6:** Die leerders word versoek om hul waarneming en interpretasies, wat in die vorm van vrae en antwoorde aangeteken is, te herskryf na verklarende en interpreterende stellings.



**Stap 7:** Laastens moet die leerders hierdie stellings in 'n logiese volgorde (gestruktureerd) rangskik en neerskryf. Dit sluit die pre-skryfaktiwiteite af en die leerlinge beskik nou in hierdie stadium oor 'n aantal geordende stellings wat as raamwerk vir die skryf van 'n paragraaf of opstel kan dien.

#### 4.3.13 Die spotprent: Prakties

Dieselfde leeruitkomste wat volledig by die **Stilprent** aangedui is, sal ook in hierdie afdeling gebruik word.

In die voorbeelde wat aangedui word, soos hoofsaaklik uit **Beeld** en **Rapport** geneem, word al die **LU's** in elke leeraktiwiteit gebruik. Die **assesseringstandaarde** (dit wat die leerder in staat is om te doen) sal breedvoerig aangedui word.

Die spotprente wat gebruik word, is hoofsaaklik deur **Frans Esterhuyse, Fred Mouton en Mynderd Vosloo** geïllustreer.

i) Spotprent A:



**Drie E's, vier F's**

Die slaagvereistes vir die nuwe matriek, wat verlede week bekend gemaak is, het wyd kritiek ontlok. Teen 2008 sal leerlinge met drie E- en vier F-simbole 'n matrieksertifikaat kan verwerf, is aangekondig.

Hoeveel 'n sertifikaat met sulke simbole werd sal wees, is egter 'n ope vraag.

'n Tweede vraag is of die graderings, van A tot F, eenvormig, landwyd en konsekwent gemaak sal kan word. Indien wel, sal universiteite en werkgewers moontlik meer daarin kan lees as wat vorige graderings toegelaat het, wat geneig het om sertifikate eerder in baie breër kategorieë van goed, slaag of druip in te deel.

Vir die nuwe stelsel om dié soort inligting te dra, móet die indelings rus op goeie opvoeding, konsekwentheid en 'n strewe na uitnemendheid.

Die nuwe struktuur van simbole moet dus nie vervlak tot 'n blote instrument waarmee meer leerlinge deur die skoolstelsel gedruk kan word om slaagstatistieke beter te laat lyk nie.

**Beeld**

www.beeld.com  
Maandag 12 September 2005

Die vooraf-fase kan gebruik word om sekere terminologie te verduidelik:

**Eerstens:** Die styleienskappe van die spotprent soos dit kortliks saamgevat word in die volgende hoofpunte:

- Die gebruik van lyn en vorm om 'n sekere stemming te skep

- Die relatiewe **grootte van voorwerpe** in illustrasie
- Die **plasing** van die voorwerpe in illustrasie
- Die **oordrywing of vergroting** van fisiese gelaatstrekke of eienskappe
- Die **verhouding van die teks** (opskrif, byskrif en woordblasie) tot die visuele uitbeelding.
- Die **ritmiese naas- en oormekaarstelling** van elemente in die illustrasie

**Tweedens:** Verduidelik die betekenis van: **humor, satire, parodie, multi-dimensionaliteit, trefkrag, vulgêre taalgebruik, kontraste, weerspreking, interpretasie, tendensieus, implikasie, metafoor, analogie, woordspel, absurd, skeefgetrekte kommentaar, stereotipes, histories, politiek, tema, persoonlike perspektief, evaluering van trefkrag, subjektief / objektief, allegorie, ens.**

Die volgende stappe word aanbeveel vir die analisering van die spotprent (in hierdie geval spotprent A). Die stappe wat hier aangedui word, is aangepas vir die ontleding van die spotprent in die Afrikaanse klas.

**Stap 1: Identifiseer die karakters in die prent. Is enige karakter herkenbaar?**

Die karakters in genoemde spotprent is duidelik skoolkinders. Dit is interessant om na die verskillende karakters se houding te kyk. Die eerste een, die sg. “nerd” wat ‘n bril het, is netjieser as die ander met regop skouers, terwyl karakter twee ongeërg lyk, die tipiese skoolseun wat liever nog ‘speel’ as agter die boeke sit. Karakter drie beeld hy uit as ietwat ‘minder intelligent’ met geen oë nie en die twee bakore. Karakter vier is die rugbyseun, wat hier duidelik baie ingenome met homself is. Sy liggaamsbou neig eerder na oorgewig as na ‘n seun wat fiks en sportief is.

**Stap 2: Is daar enige iets noemenswaardig in die milieu?** Die agtergrond bevat net genoeg gegewens om aan te dui dat dit ‘n landelike of voorstedelike gebied is, met huise, tuine, skoolgebou en ‘n straat wat voor die skool verbyloop. Die “kat” wat die koerant vashou, is duidelik hier die spreekbuis van die illustreerder om die leser d.m.v. die retoriese vraag nie net op die uitslae te wys nie, maar op die moontlikheid van verdere toekomsverwagting t.o.v. verdere studie by die skoolkinders.

**Stap 3: Bestudeer die lyftaal van die karakters. Word daar enige voorstelling d.m.v. die lyftaal gegee?** Ja, die eerste karakter se houding is regop – hy is baie tevrede met homself. Die tweede seun lyk ongeërg. Sy hemp hang uit en die feit dat hy voor hom kyk, wys dat hy nie noodwendig omgee wat die ander se mening is oor sy uitslae nie. Nommer drie lyk of hy tevrede is dat hy die minimum vereistes bereik het. Die rugbyseun is duidelik trots op die feit dat hy ‘n ‘R’ vir rugby gekry het. Sy oë wat feitlik toe is, wys op sy ingenomenheid met homself en dit wys ook dat hy oorgewig en ietwat minder ‘intelligent’ is.

**Stap 4: Hoe sluit die dialoog in die woordblasie (of enige ander geskrewe gedeeltes) by die voorstelling aan?** Die opskrif in die ‘koerant’ is van groot belang om te kan identifiseer waaroor dit gaan. Die woordblasie wat die ‘kat’ se vraag by die kommentaar by die uitslae voeg, stel ‘n ander moontlike probleemkwessie, nl. is akademiese uitslae ooit belangrik t.o.v. die toekenning van beurse?

**Stap 5: Hoe word lyn en vorm gebruik om ‘n sekere stemming te skep?**

Die minimum lyn word gebruik en dit slaag uitstekende daarin om die verskillende gesigsuitdrukkings vas te vang. Onnodige detail is weggelaat en elke lyn word funksioneel aangewend om die ‘boodskap’ deur te gee. Die grootte van die R vir rugby is ook opvallend

**Stap 6: Watter vorm van ‘oordrywing’ of ‘vergroting’ van fisiese eienskappe kan in die prent waargeneem word?** Die rugbyspeler se ‘vet’ liggaam stel beslis die sportman in ‘n slegte lig. Ook die outjie wat die ‘A’ het, lyk asof hy net voor die boeke gesit het. Dieselfde met die ander twee skoolseuns wat oordrewe ongeërg en ‘dom’ voorgehou word.

**Stap 7: Watter vorm van multi-dimensialiteit kan aan die spotprent toegeskryf word?** Die bekommernis lê nie net by die feit dat dit al makliker word om ‘n matrieksertifikaat te kry nie, maar ook dat sportmanne bo die akademiese presteerders bevoordeel word.

**Stap 8: Is daar enige vorm van ‘weerspreking’ of ‘kontras’ in die prent teenwoordig?** Die enigste vorm daarvan kan op die ‘vet’ lyf van die rugbyspeler wys, wat eerder lui en onsportief voorgestel word as fiks en hardwerkend.

**Stap 9: Voordat die artikel gelees word, watter ‘waarhe(i)de’ word deur die prent uitgespreek?** Dit word makliker om matriek te slaag, omdat die slaagvereistes dit al makliker maak. Die sportmanne word bevoordeel met die toekenning van beurse.

**Stap 10: Wat is die siening van die kunstenaar t.o.v. die situasie?**

Die uitslae is niks werd as jy vir beurse aansoek doen nie, solank jy net rugby kan speel.

**Stap 11: Word die spotprent tendensieus (‘n poging om ‘n bepaalde indruk te maak) aangebied?** Ja, beslis. Die ‘kommerwekkende’ onderwyssituasie word uitgelig.

**Stap 12: Is daar humor teenwoordig en indien wel, waarmee word daar gespot?** Ja, daar word duidelik gespot met die ‘waardeloosheid’ van die nuwe matrieksertifikaat wat van die einde van 2008 gebruik word.

**Stap 13: Watter vorm van stereotipering word hier van gebruik gemaak?**

Iemand wat ‘n bril dra, is intelligent. Iemand wat rugby speel, is nie akademies ingestel nie. Voorkoms dui op intelligensie en toegewydheid.

**Stap 14: Lees bygaande berig / artikel / brief deur en bespreek die ooreenkomste in die illustrasie en geskrewe gedeelte.**

Die ooreenkomste sluit in die bekommernis oor die interpretasie van die nuwe matrieksimbole en of dit enigsins iets werd gaan wees.

**Stap 15: Watter verskille is daar tussen die feite en illustrasie?**

Die feite van die redaksionele kommentaar dui aan dat die nuwe graderings meer insluit as net goed, slaag en druij soos die vroeëre matrieksertifikaat aangedui het.

Deur middel van die verskillende vrae word die leerder gelei om die spotprent te analiseer, te vergelyk, standpunt in te neem en kommentaar te lewer.

### Leerderaktiwiteite

1. **Groepbesprekings:** die ontleding van die spotprent volgens die stappe wat aangedui is, m.a.w. deur middel van vraag en antwoord.
2. **Navorsing:** Soek alle berigte oor die onderwerp en ook ander inligting wat daarvoor verskyn het.
3. **Debat:** Hou 'n debat waar die toespraak eers beplan moet word volgens inleiding, inhoud en slot en argumenteer oor die wenslikheid van die nuwe slaagsyfer wat bespreek word of bespreek of daar enige waarheid daarin steek dat kinders wat aan rugby deelneem, makliker beurse kry.
4. **Vergelyk:** Maak 'n vergelyking deur na die verskillende style van die spotprenttekenaars te kyk en dui ooreenkomste en verskille aan.
5. **Respons:** Elke leerder kan sy eie mening vorm oor die interpretasie van die spotprent en of daar enige **skeefgetrekte kommentaar** gelewer is en dit dan skriftelik weergee in die vorm van 'n vraelys wat deur die onderwyser opgestel word of deur middel van 'n brief aan die pers waar daar kommentaar daarop gelewer word.

### AS'e (assesseringstandaarde wat bereik is):

- Leer oor en deel idees met mekaar, toon begrip van konsepte, lewer kommentaar oor ervarings,
- Neem deel aan groepsbesprekings deur eie idees en menings uit te spreek, na ander s'n te luister en dit te respekteer oor kwessies soos inklusiwiteit, magsverhoudings, oor sosio-kulturele kwessies.
- Gebruik onderhandelingsvaardighede om konsensus te bereik.
- Neem deel aan debat
- Doen navorsing oor onderwerp deur verskillende toepaslike bronne te gebruik
- Organiseer inligting samehangend deur hoofgedagtes en toepaslike ondersteunende besonderhede of voorbeelde te kies.

- Identifiseer en kies gepaste formate, woordeskat en taalstrukture en – konvensie.
- Sluit gepaste visuele, oudiovisuele (miskien ‘n uittreksel uit ‘n nuusvoorlesing), prente, elektroniese media in.
- Toon begrip van mondelinge tekste deur hoof- en/of ondersteunende gedagtes aan te teken deur byvoorbeeld notas, opsommings.
- Luister krities na en reageer ter verduideliking op vrae.
- Toon kritiese bewustheid van taalgebruik in mondelinge situasies, deur: herken argumente en aannames en onderskei tussen feite en menings;
- Maak afleidings en gevolgtrekkings en motiveer met bewyse.
- Herken hoe die doelbewuste insluit of uitlaat van inligting betekenis kan verwing.
- Herken en bevraagteken die opvallende gebruik van gevoels- en manipulerende taal, vooroordeel en stereotipering.
- Vluglees tekste om hoofgedagtes te identifiseer deur titels, inleidings, ens
- Soeklees tekste vir ondersteunende besonderhede.
- Lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in geselekteerde kontekste deur kennis van grammatika, kontekstuele leidrade, ontwerp, plasing en deur sintuie te gebruik.
- Herlees / kyk weer na en hersien tekste om begrip te bevorder.
- Verduidelik die betekenis van ‘n wye verskeidenheid geskrewe, visuele tekste.
- Vind toepaslike inligting en besonderhede in tekste.
- Ontleed hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis kan beïnvloed.
- Onderskei tussen menings en feite en gee eie respons.
- Verduidelik die verskil tussen direkte en verskuilde betekenis.
- Verduidelik die skrywer / verteller / karakter se standpunt / perspektief en gee enkele bewyse uit die teks.
- Verduidelik die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste.
- Ontleed die impak wat ‘n verskeidenheid figuurlike en retoriese taal- en literêre stylmiddels op die betekenis van ‘n teks sou hê.

- Verduidelik die skrywer se afleidings en gevolgtrekkings en vergelyk met eie.
- Interpreteer en evalueer.
- Gee en motiveer persoonlike response op tekste.
- Evalueer hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste
- Ontleed die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie.
- Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie met tekste geskep kan word.
- Identifiseer en ontleed boodskap en tema en hoe dit tot die betekenis van die teks bydra. Verduidelik die gebruik van visuele tegnieke soos die gebruik van kleur, byskrifte, dialoog en plasing in die voorgrond en agtergrond (posisie).
- Beplan die skryfproses volgens 'n spesifieke doel, teikengroep en konteks:
- Identifiseer die tekeingroep en spesifieke doel soos vertel, vermaak, oorreed, manipuleer.
- Identifiseer en verduidelik tekssoorte soos feitelike, multimediatekste, gebruik van gepaste styl, perspektief.
- Vind, ontsluit, organiseer en integreer toepaslike inligting van 'n verskeidenheid bronne.
- Gebruik 'n seleksie visuele beelde en ontwerpelemente.
- Toon die gebruik van skryfstrategieë en –tegnieke.
- Dink na oor die gepastheid van inhoud, styl, register en effekte volgens doel, teikengroep en konteks waar nodig.
- Toon 'n volgehoue eie perspektief / standpunt en ondersteunende argumente met toenemende selfvertroue.
- Verfyn woordkeuse en sin- en paragraafstrukture en skakel dubbelsinnigheid, omslagtigheid, woorddoortolligheid, onvanpaste groeptaal, aanstootlike taal, *slang* en taalflaters uit.
- Berei tekste voor vir finale weergawe deur proeflees en redigering.



- Bied die finale produk aan en gee aandag aan 'n gepaste aanbiedingswyse soos 'n netjiese, afgeronde teks.

## ii) Spotprent B:

Hierdie spotprent sluit ook aan by die 'skool'-tema en kan volgens die voorgeskrewe stappe ontleed word. Die voorafkennis kan nou ingeskerp word. Hier kan die **kontras** in die visuele beeld uitgelig word. Die kwessie van **eerlikheid en oneerlikheid** kan d.m.v. besprekings uitgelig word. **Lyftaal** speel 'n belangrike rol en die **gevolge van verkeerde keuses** kan ook in die leerderaktiwiteit ingesluit word.

Die matrikulante dwarsoor die land is verheug oor hul uitslae, maar Mpumalanga se matrikulante loop kop onderstebo omdat hul uitslae teruggehou is vanweë ongerymdhede tydens die skryf van die vraestelle. Die ketting om die been is veelseggend met die woord "bedrog" wat ook 'n simbolies is van die uiteinde wat wag op mense wat oneerlik is.

Die lyftaal is duidelik, die glimlagte, die hande in die lug, selfs die kat wat sy hande in die lug gooi om saam met die leerders te juig.

ii) Spotprent B:

**Beeld**  
www.beeld.com  
Donderdag 30 Desember 2004

### Geluk, matrieks

Die matriekeindeksamen het vanjaar weer 'n ryke oes opgelewer – harde werk is by heelparty kandidate beloon met 'n rits onderskeidings, terwyl dieselfde harde werk vir 'n ander kandidaat 'n slaagsyfer in die sak gebring het.

Albei groepe verdien gelukwensings.

Met die bekendmaking van die resultate is dit jammer dat die nasionale onderwysdepartement nie 'n volledige prentjie met statistiese ontledings gegee het sodat ontleders duidelik kan sien wat die neigings in die eindeksamen is nie.

Die flou verskoning wat gegee is, is dat Mpumalanga se uitslae nog nie bekend is nie. Die statistieke van elke ander provinsie op sy eie behoort reeds beskikbaar te wees. Ons wil weet of daar skuiwe is in die aantal kinders wat vakke in die hoër of standaardgraad neem, of meer of minder kinders wiskunde neem, ensovoorts.

Die vae en ondeursigtige prentjie wat geskets is, is nie goed genoeg nie. Die daling in die slaagsyfer is nie die grootste kommer nie, maar eerder die gehalte van die matrieksertifikaat en of vanjaar se uitslae weer aangepas is.

Wanneer Mpumalanga se uitslae kom, sal die Umalusi hierdie feite bekend moet maak. Die geloofwaardigheid van die eksamen kan net versterk word indien oop kaarte met alle belanghebbendes gespeel word.

Dit is teleurstellend dat leerlinge weer vanjaar swakker in sleutelvakke soos wiskunde en wetenskap gevaar het terwyl soveel geld uit die onderwys en private sektor in die verbetering hiervan gepomp word.

### Uit 'n ander hoek

Peter Mascher in *The Citizen*

*Hi ha, hi ha, it's off to work we go*

iii) Spotprent C:



Spotprent C en D handel albei oor rugby, maar tog is die aanslag verskillend. Die humor in spotprent C verskil van die humor in spotprent D.

Die humor in spotprent C dui op die komiese situasie van die All Blacks wat op vreemde terrein maagprobleme ontwikkel, met die 'gemakshuisie' wat langs die kant van die veld aangebring is. Sonder enige bygaande berigte kan die afleiding gemaak word dat hulle hulle in 'n redelike ongemaklike situasie begeef. Die kommentaar d.m.v. die figuurtjie sluit ook daarby aan.

## iv) Spotprent D:




Jake White, word redelik benoud uitgebeeld met die sweetdruppels wat so spat. Dit is duidelik op sy gesig (frons, sweetdruppels, gesigsuitdrukking) dat die kies van die span nie 'n maklike taak was nie. Dan speel die lettertipe (swart druk, die ellips) én die woordgebruik 'n rol om uit te druk waarom dit so 'n moeilike keuse was, want hy moes eerstens die regering tevrede stel met die regte hoeveelheid spelers wat die verskillende rassegroepe verteenwoordig.

Die jonk en oud dui op nuwelinge in die span, maar ook op ervare spelers. Op dreef en van stryk, beteken dat spelers wat dit verdien vanweë hul fiksheid en tegniek om in die span te wees en 'van stryk' beteken waarskynlik spelers wat om een of ander politieke rede in die span ingesluit word, al is hul fisies op daardie oomblik nie die beste speler nie.

Dit is duidelik dat daar 'n sterk politieke implikasie is wat uitgelig kan word.

v) Spotprent E:

RAPPORT, 29 MEI 2005



### Spotprent E en F:

**Lou Henning beeld die rugbybestuur satiries uit. Dui aan hoe dit van spotprent C en D verskil.** Die hele rugby-saga word as iets vergesog en onmoontlik beskou, daarom die klug, sepie en riller.

**'n Klug** is volgens die HAT (1994: 544) 'n verspote streek; grap; handeling so deursigtig irreëel, vir die skyn, dat dit belaglik word.

**'n Sepie:** 'n drama, meestal met 'n (lang) reeks episodes, met sentimentele gesinsprobleme as tema.

**'n Riller:** 'n toneelstuk of film wat 'n mens van spanning, vrees e.d. laat ril.

Daar word ruimskoots met elke 'rol' die spot gedryf: Brian van Rooyen as Houdini (kulkunstenaar), André Markgraaff (Flip-flop), Mike Stofile (wil baas wees) en Makhenkesi Stofile (bok-keurder). Hulle gelaatstrekke word skeefgetrek en op hul kenmerkende gelaatstrekke gekonsentreer.

Die kommentaar deur die kuiken sleep nog 'n 'gesneuwelde' held by deur hom met Sheriff Wyatt Earp te vergelyk.

**Spotprent E in die klaskamer:** Die spotprent kan as 'n stilleesstuk gebruik word en d.m.v. vrae ontsluit, of kan ook as 'n taalleerteks gebruik word.

#### **Stillees:**

1. Waarom word die karakters in die illustrasie as toneelspelers beskou?
2. Watter karaktereienskappe sal jy aan elke karakter, na aanleiding van die betekenis tussen hakies, toedig?  
Brian (**Houdini**) van Rooyen  
André (**Flip-Flop**) Markgraaff  
Mike (**wil baas wees**) Stofile  
Makhendkesi (**bok-keurder**) Stofile
3. Watter woord in die teks sê vir ons wat 'n "silwerdoek" is?
4. Waarom, dink jy, praat die kunstenaar van **Funny People 14**?
5. Watter ooreenstemmende eienskappe het 'n **klug, sepie en riller**?
6. Hoe verskil die drie genres van mekaar?
7. Word Sherrif Wyatt Earp as 'n **positiewe of negatiewe karakter** voorgestel?

8. Waarom, dink jy, word Louis Luyt met hom vergelyk?
9. Is dit funksioneel dat die kuiken kommentaar **buite** die ‘plakkaat’ lewer? Motiveer waarom jy so sê.
10. Verduidelik die **ironie** wat in “’n ware verhaal” opgesluit lê.


**Taal:**

1. Wat is die verskil tussen *silwerdoek* (een woord) en *silwer doek* (twee woorde)? Gebruik elke een afsonderlik in ‘n sin om die verskille aan te dui.
2. Dui die skryfteken aan wat ontbreek in: “Die ware verhaal van SARugby”
3. Gee gepaste Afrikaanse woorde vir:
  - a) “movie”
  - b) “Funny people”
  - c) “Sheriff”
4. Gebruik die woord “keurder” as ‘n homofoon in ‘n ander sin.
5. Wat is die funksie van die aandagstreep in “...dis ‘n Riller –“
6. Watter klankverskynsel is in die woord “als” opgesluit?
7. Verduidelik die grootte van die woord “EEN” t.o.v. die ander woorde.
8. Motiveer die gebruik van die kommas in “Dis ‘n KLUG, dis ‘n SEPIE,”

**Spotprent F** sluit aan by **spotprent D**, behalwe dat daar ander karakters ook betrek word om te wys hoe Jake White as afrigter gekritiseer, gemanipuleer is om die polities-korrekte Springbokspan te kies. Die vergrote ore fokus op die luisteraspek – hy word as ‘n instrument beskou om die ‘regte’ keuses te maak deur te doen wat vir hom ‘gesê’ word. Die aggressiewe woorde en gesigsuitdrukkings kom dreigend voor en die letterlike vasplak van groter ore sê dat die afrigter dalk nie altyd geneë is om die ‘regte’ keuses te maak nie.




vi) Spotprent F:





vii) Spotprent G




Beeld, Dinsdag 27 September 2005

### Briewe

Redakteur, Beeld  
Posbus 333  
Auckland Park  
2006

Private sak X202  
Pretoria  
0001

E-pos: [briewe@beeld.com](mailto:briewe@beeld.com)  
Faks: 011-713-9956/7



## ANC verblind deur sy mislukkings

Wanneer gaan die regering besef dat hy eintlik besig is om in sy taak te misluk, pleks van homself as 'n suksesverhaal te bestempel?

Alles gaan agteruit: munisipaliteite, onderrig, polisiëring, veiligheid, dienslewering – om maar 'n paar te noem. Die munisipaliteite en hul soustrein-amptenare weet nie eens hoe om 'n rioolplaas te be-

stuur nie, wat gaan hulle nóg laat verval?

Wat moet hulle nog doen om te besef hulle het hulp nodig? Het transformasie geslaag? Ek glo nie, intendeel, dit het geboemerang.

Kyk na die res van Afrika, is dít hul suksesverhaal en ons toekoms?

■ **Thinus Prinsloo, Sinoville**

## F. Esterhuysen(n) raak politieke sowel as sosio-ekonomiese probleme in sy spotprent aan.

Die onlangse 'orkane' in die VSA was wêreldnuus. Die ontsaglike skade wat veral 'Katrina' aangerig het, is fenomenaal. Tog gebruik die kunstenaar die beeld om die skade wat die Zimbabwe se regeerder, Mugabe, tydens sy bewind veroorsaak het, met die orkaan te vergelyk en dan by die kernprobleem uit te kom, nl. dat die orkane slegs gedeeltelike verwoesting gesaai het, maar dat Mugabe die hele land vernietig. Die satire is skrymend, veral as daar gekyk word na die doodsbeendere van mens en dier.

Die 'vroulikheid' van die orkane kan ook bespreek word. Die vergelyking van die destruktiewe van albei kan ook uitgelig word (bv. d.m.v. 'n debat). Kleurekontraste is 'n effektiewe besprekingspunt. Die donker (swart) lug wat op enige iets boos of duister dui, kan ook 'n besprekingspunt wees.

In die brief wat dieselfde dag as die spotprent gepubliseer is, word die ANC-regering met die res van Afrika vergelyk. Hier kan die leerders 'n brief aan die pers skryf en daarop reageer waarin hul hul siening te kenne gee. Dit is belangrik dat alles wat gesê is, duidelik gemotiveer moet word.

Woordeskat-uitbreiding kan gedoen word:

- 1) Wat is 'n orkaan?
- 2) Onderskei tussen 'n tifofoon en 'n orkaan.
- 3) Watter ander **ramp** het onlangs baie aandag in die nuus geniet?

viii) Spotprent H:



# Beeld

# Krieketklere

[www.beeld.com](http://www.beeld.com)

Dinsdag 28 Januarie 2003

Dr. Ali Bacher, direkteur van die Wêreldbeker-kriekettoernooi, en sy span sal herhaaldelik moet duidelik maak wat die aanvaarde kleredragreëls vir toeskouers Wêreldbeker-wedstryde is.

Verlede week is gewaarsku dat toeskouers nie T-hemde, pette en ander klere na wedstryde mag dra nie indien dit handelsmerke op het wat nie een van die 22 amptelike borge s'n is nie.

Ná onsekerheid het Bacher toeskouers gerusgestel dat kleredrag met ander handelsmerke toegelaat sal word, solank dit nie prominent is en die bedoeling nie massa-reklame is nie.

Dit is hieruit duidelik dat daar verskillende interpretasies is oor die toepassing van die reël. Hopelik is die veiligheids wagte by al die stadions behoorlik voorgelig. Onnodige hardhandige optrede teen lede van die publiek om die borge se belangte te beskerm, sal baie onsmaaklik wees.

Bacher moet voor die openingsplegtigheid sorg dat toeskouers en veiligheids wagte presies weet wat die korrekte reël is.

Monahan se sewe stappe kan gebruik word om hierdie spotprent te benader:

**Stap 1:** Die spotprent word aan die leerders getoon.

**Stap 2:** Die leerders word versoek om binne die bestek van 'n paar minute die spotprent deeglik te bestudeer deur op al die besonderhede, maar ook op die geheelbeeld, te let.

**Stap 3:** Die leerders word gevra om ongeveer 10 tot 15 vrae oor die spotprent te formuleer. (Besonderhede word uitvoerig op p. 122 bespreek).

**Stap 4:** Nadat alle moontlike vrae gevra is, kan die leerders in kleiner groepe verdeel word. Die vrae kan dan in kleiner groepsverband bespreek en moontlike antwoord verkry word. In hierdie stadium dien die vrae ook as 'n kontrolemiddel waarmee vasgestel word of die leerders oor die nodige voorkennis beskik om interpreterend te kan skryf oor dit wat in die spotprent uitgebeeld is.

**Stap 5:** Die onderskeie groepe kry nou geleentheid om voor die res van die leerders verslag te lewer oor hul antwoorde en dit ook te bespreek. Die antwoorde kan ook op die skryfbord neergeskryf word.

**Stap 6:** Die leerders word versoek om hul waarneming en interpretasies, wat in die vorm van vrae en antwoorde aangeteken is, te herskryf na verklarende en interpreterende stellings.

**Stap 7:** Laastens moet die leerders hierdie stellings in 'n logiese volgorde (gestruktureerd) rangskik en neerskryf. Dit sluit die pre-skryfaktiwiteit af en die leerlinge beskik nou in hierdie stadium oor 'n aantal geordende stellings wat as raamwerk vir die skryf van 'n paragraaf of opstel kan dien.

## ix) Spotprent I





# Beeld

[www.beeld.com](http://www.beeld.com)

Dinsdag 2 Augustus 2005

## Openbare beskermer?

Die openbare beskermer (OB) se ondersoek na die beweerde misbruik van belastinggeld in die sogenaamde oliegedskandaal was om die minste te sê halfhartig.

Adv. Lawrence Mushwana, die OB, het 'n baie eng omskrywing gebruik toe hy gesê het sy mandaat belet hom om 'n R11 miljoen-skenking deur die maatskappy Imvume aan die ANC te ondersoek omdat albei "private entiteite" is.

Dit is waar, maar die bewering is dat die geld ter sprake belastinggeld is.


Verlede jaar het Mushwana in die guns van mnr. Jacob Zuma beslis toe Zuma, wat toe nog adjunk-president was, by Mushwana gekla het oor die korrupsie-ondersoek na Zuma.

Vanjaar is in die hof bevind dat Zuma en sy raadgewer, Schabir Shaik, 'n korrupte verhouding gehad het.

Mushwana kan die amp van openbare beskermer groot skade aandoen as dit lyk dat hy politici probeer beskerm ten koste van openbare belang.


'n Belangrike maatskaplike probleem wat ook sterk polities neig, word in die beeld en die redaksionele kommentaar aangespreek.

x) **Spotprent J:**



Die metaforiese uitbeelding van die probleem wat ontken word, het multi-dimensionele betekenis. Dit word gesamentlik met verskillende berigte en briewe wat die probleem uitlig, aangebied. 'n Duidelike lyn kan hier getrek word tussen die visuele uitbeelding en die gesproke woord.

xi) **Spotprent K**



## Pampoenboere

Dit was 'n wyse besluit van die regering van Noordwes om Afrikaans as onderrigtaal by die Potchefstroomse landboukolleje te behou.

Die Pampoenboere, soos studente daar in die handel en wandel bekend staan, verdien om in hul eie taal opgelei te word. Omdat 75% van die studente Afrikaans praat, sou dit kortsigtig wees as die regering volhard het met 'n vroeëre besluit dat Engels van aanstaande jaar af die enigste onderrigtaal sal wees. Dit is ook verstandig dat Engels as tweede onderrigtaal behou word.

Die taalbesluit stuur 'n baie positiewe boodskap aan die res van die land dat die regering erns het met sy voorneme om Afrikaans nie te marginaliseer nie.

Duur lesse is geleer waar die regering instansies wou dwing om Engels as't ware in te voer, soos by die Laerskool Mikro. Die landboukolleje-besluit bewys dat sensitiewe taalkwessies in almal se belang en sonder groot drama pro-aktief opgelos kán word.

# Beeld

[www.beeld.com](http://www.beeld.com)

Maandag 1 Augustus 2005

# Boere dreig oor taal

## Potch-landboukollege se klasse dalk net in Engels

Linda de Beer

**'N** Besluit om van volgende jaar af net Engels as onderrigtaal by die Potchestroomse landboukollege toe te laat, sal "met geweld teengestaan" word deur omgekrapte Afrikaanssprekende ouers en studente.

"Ons gaan dit beslis nie aanvaar nie... Jy kan 'n ou se geld of sy kar vat, maar jy moenie aan 'n ou se kind vat nie. Die ouers is desperaat. As hulle (die Noordwes-regering) regtig 'n konfrontasie wil soek, moet hulle voortgaan," het mnr. Carel van der Merwe, aartappelboer van Den-dron in Limpopo, gesê.

Van der Merwe se seun is nou in sy derde jaar aan dié kollege.

### ■ Dit is die enigste landboukollege in die noorde van Suid-Afrika wat nog die volle kursus in Afrikaans aanbied.

Hy wil sy vierde jaar voltooi vir 'n graad, maar weet nie of hy die taal sal haal as hy dit in Engels moet doen nie.

Die ouers en studente is verjede week deur dr. M. Mogajane, adjunk-direkteur-generaal van landbou in Noordwes, oor haar voorneme ingelig om met Afrikaans as onderrigtaal weg te doen.

Sowat 75% van die kollege se studente is Afrikaanssprekend.

Didiza, minister van landbou, bespreek. Die studente van die Potchestroomse landboukollege staan tradisioneel as die pampoenoere bekend. Van der Merwe het gesê die kollege se status is hoog. Oud-studente vaar in die algemeen goed verder in hul landbouoopbane.

Die studente en hul ouers sal binnekort besluit watter vorm hul protesaksie teen die nuwe voorgename taabeleid sal aanneem. Ouers van wie hy dit die minste verwag het, het volgens Van der Merwe aangedui hulle sal die besluit "met geweld teenstaan" as dit nodig sou wees.

Die departement van landbou en die Noordwes-regering het gister ná twee dae steeds nie gereageer op telefoniese boodskappe of 'n lys geskrewe vrae nie.

en berekende aanslag op Afrikaans" nie. Dit klop volgens hom nie met pres. Thabo Mbeki se onlangse standpunt by die ANC se nasionale raad ten gunste van Afrikaans nie.

"Moet ek uit hieruit aflei dat Afrikaners goed genoeg is om kos vir almal in die land te produseer, maar dat die ANC geen verdere ruimte laat vir Afrikaans op landbouterrein nie?" vra Mulder. Hy gaan die saak met me. Thoko

# Beeld

www.beeld.com

Vrydag 29 Julie 2005



### Spotprent K:

Bespreek: Is daar werklik 'n taalprobleem.

Bespreek die lyftaal van al die karakters op die prent.

Bespreek die objektiwiteit al dan nie van die redaksionele kommentaar en die briewe n.a.v. spotprent K.

### xii) Spotprent L:

## Saambly

Die minister van behuising, me. Lindiwe Sisulu, se aandrang dat hoë- en medium-koste-behuisingsprojekte ook 20% lae koste-huise moet insluit, lyk met die eerste oogopslag na 'n visie wat in beginsel sinryk is, maar kern-gebreke het en heel waar skynlik op die vlak van uitvoering gaan sneuwel.

Die wêreld is vol voorbeelde (en dit was ook die geval in die wit werklikheid van die ou Suid-Afrika) wat duidelik aandui dat 'n suksesvolle en stabiele gemeenskap burgers van oor verskeie inkomste-klasse in dieselfde woonbuurte huisves – en dan saamsnoer met gemeenskaplike belange en ideale.

Die fondament van só 'n werklikheid is egter meestal dat al die betrokke groepe 'n uitdrukking is van wat gewoonlik die middelklas genoem word – hulle koop hul huise, het beroepe en so meer. Die kernprobleem van Suid-Afrika is om 'n reuse-deel van die bevolking toegang tot dié klas te gee. Hulle woon tans – uitgesluit van die middelklas – in plakkerbuurte of townships en baie is werkloos. Sisulu se voorstel gaan hulle nie help nie. 'n Behuisingsprojek in Clifton in die Kaap kan maar 20% "lae koste-huise" hê, daar is geen manier waarop dit armes gaan aanhou huisves nie.


Die minister maak ook 'n fout as sy dink armes is swart en rykes wit. Daardie verdeling uit die dae van apartheid is vinnig aan die vervaag.

Die minister se positiewe visie van stabiele, geïntegreerde buurte gaan eerder 'n werklikheid word namate meer werk geskep word en die middelklas groei.

## Beeld

www.beeld.com

Woensdag 7 September 2005



Weer eens word daar met sosio-maatskaplike probleme gespot, veral met die gebrek aan insig en die 'onuitvoerbaarheid' van sekere ondeurdagte en onpraktiese voorstelle.

xiii) Spotprent M:



# Móég om beledig te word deur japsnoete by skool

## Onderwysers skaar hulle by verklaagde kollega

Beeld, Donderdag 28 Julie 2005

Alet Rademeyer

**V**erskeie onderwysers het simpatie met die onderwyser van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria teen wie 'n klag van aanranding ingedien is nadat hy glo 'n gr. 10-leerling rondgestamp en in die ribbe geslaan het.

Mnr. Douglas Cotty, pa van Sydney, het 'n klag teen mnr. Sakkie van der Walt ingedien.

Die onderwysers wat hulle by Van der Walt geskaar het, het gesê "geen mens weet hoe arrogant, ongemanierd en uittartend baie leerlinge deesdae optree nie".

Dr. Chris Kotze, hoof van die Hoërskool Die Burger aan die Wes-Rand, het gesê hy het volle begrip vir die onderwyser se optrede.

"Ek weet nie waarom lyfstraf geldig aan die doodstraf gestel word nie. Daar is deesdae kinders wat nie vir hul eie ouers respek het nie en dieselfde truuks by die skool uithaal."

Volgens Kotze het hy so ver gegaan om 'n kringteleviesistelsel by sy skool te installeer om ouers te wys hoe hul kinders droogmaak. Dit het in 'n mate gehelp om probleme uit te skakel terwyl leerlinge van klasse verwissel.

'n Onderwyser aan 'n vooraan-

“  
Wat maak jy met 'n kind wat in jou gesig vir jou sê jy het f\*\*\*l bereik?  
”

staande skool in Pretoria is só moeg daarvoor om deur tieners verneder te word dat hy ná jare in die onderwys ander werk soek. "Wat maak jy met 'n kind wat in jou gesig vir jou sê jy het f\*\*\*l bereik en dat jy moet onthou sy pa is 'n advokaat wat R5 000 per uur verdien?" Nog 'n onderwyser het gesê leerlinge gebruik selfone net wanneer hulle wil ondanks reëls dat dit in klastyd afgeskakel moet wees. "Ons hande is afgekap. Hulle kom met moord weg. Ek het baie dae nie eens 'n stem soos ek hulle tot orde probeer roep nie".

Mynderd Vosloo vestig in sy spotprent die aandag op 'n netelige dissiplinêre kwessie. Die agteruitgang van dissipline van leerders op skool het 'n omvattende, landswye probleem geword. Kinders kom met 'moord' weg en tart die gesagsdraers met hul houding uit. Sy visuele uitbeelding dui die omvang van die probleem aan.

Hierdie spotprent leen hom uitstekend tot 'n stillees-, 'n taal- en 'n mondelinge oefening.

### **Stillees / begripsoefening:**

1. Waarom skaar die onderwysers hulle aan die kant van die aangeklaagde onderwyser?
2. Verduidelik wat met dr. Kotze se woorde bedoel word: "Ek weet nie waarom lyfstraf gelyk aan die doodstraf gestel word nie".
3. Hoe kon die instel van kringtelevisie by skole die probleme oplos?
4. Gee 'n sinoniem vir "vooraanstaande" in paragraaf 7.
5. Wat is die rede wat die leerling vir sy beledigende aanmerking teenoor die onderwyser gee?
6. Gee 'n ander gepaste uitdrukking wat dieselfde beteken as: "Ons hande is afgekap".
7. "Hulle kom met moord weg". Word die uitdrukking letterlik of figuurlik gebruik. Motiveer waarom jy so sê.
8. Wat is die visuele betekenis van die kopbeen in die spraakborrel bokant die onderwyser se kop?
9. Watter figuurlike betekenis kan aan die vasgebinde hande gegee word?
10. Onderskei tussen die lyftaal van die leerder en die van die onderwyser. Watter verskille word aangedui.
11. Hoe dink jy voel die onderwyser teenoor die leerder?

### **Taal oefening:**

- 1) Watter betekenisverskil sou daar wees as die woordorde in die kop van die berig omgeruil word en dit soos volg sou lees: "Die onderwyser is moeg om deur japsnoete beledig te word"?

- 2) Plaas die gepaste akuutaksentteken(s) op die woord 'japsnoete'
- 3) Wat is 'n 'japsnoet'? Vervang die woord deur 'n ander gepaste benaming.
- 4) Skryf die dialoog in die prent oor en onderstreep die spelfout (hoofletterfout) wat gemaak is.
- 5) Waarom word daar 'n komma na Pa gebruik?
- 6) Wanneer word pa met 'n kleinletter geskryf?
- 7) Watter funksionele waarde het die sterretjies in die woord: f\*\*\*l?
- 8) Watter emosionele waarde word in die woord 'snotkop' weergegee?

### **Nog aktiwiteite:**

- ♣ Die leerders kan in 'n kwessie van 'n maand spotprente in verskillende koerante versamel asook die berigte wat daarmee gepaard gaan en hul eie stel vrae en kommentaar daarvoor uitwerk. Dit kan individueel of in groepsverband uitgewerk word.
- ♣ Laat leerders die spotprente indeel onder verskillende opskrifte: politieke, filosofiese, maatskaplike, ens.
- ♣ Die alwetende figuurtjie (bv. Len Lindeque se wurm) se rol in die verskillende spotprente kan bespreek word.
- ♣ Die simboliek in die spotprente kan ontleed word.
- ♣ Die leerder kan sy eie interpretasie van die spotprent in die vorm van 'n beskrywing gee.
- ♣ Die leerders kan ook 'n bespreking gee van humor en wat vir hulle snaaks is - vergelyk ander lande se humor (bv. die Amerikaanse komedie met die Engelse komedie, ens.)
- ♣ Watter van die spotprente word slegs allegories gebruik?
- ♣ Subjektiwiteit / Objektiviteit kan as besprekingspunt met verwysing na spotprente gebruik word.

## Hoofstuk 5: Strokiesprente

*"I believe in the might of design, the mystery of colour, the redemption of all things by beauty everlasting, and the message of art that has made these hands blessed". George Bernard Shaw.*

### Teoretiese benadering

#### 5.1 Kulturele geletterdheid

Volgens Combrink ([louisec@iafrica.com](mailto:louisec@iafrica.com)), n.a.v. 'n studie wat sy oor Asterix gemaak het, is dit baie belangrik dat die leerder se verwysingsraamwerk voorsiening maak vir die agtergrond wat in die teks na vore kom. Sy sê dat die boodskap die kommunikasiesituasie binne konteks plaas en kan net binne daardie konteks korrek geïnterpreteer word. Die ontvanger moet weet binne watter werklikheid die boodskap funksioneer. Die ontvanger ontvang die boodskap en interpreteer dit volgens sy eie kennis en insig. Om enige teks te kan lees en verstaan, moet die leser die konteks waarin die teks funksioneer, begryp. Alle tekste behoort binne breë historiese en kultuurverband bestudeer te word. In die onderwys is dit dus noodsaaklik dat besondere aandag gegee word aan die uitbreiding van leerders se verwysingsraamwerk. Die ontwikkeling van die verwysingsraamwerk sluit onder andere ook die ontwikkeling van die leser se kulturele en visuele geletterdheid in.

Leerders kan nie praat of skryf oor iets waarvan hulle niks weet nie. Daarvoor is die nodige agtergrondkennis nodig. Geletterdheid word nooit neutraal verwerf nie, maar is in 'n spesifieke historiese, sosiale en kulturele konteks gesetel.

Geletterdheid bestaan dus nie net uit die enkodering en dekodering van geskrewe simbole nie. Dit kan nie beperk word tot die basiese lees- en skryfvaardighede nie. **Om geletterd te wees, beteken om voldoende betekenis te kan heg aan daardie simbole.**

Combrink noem dat volgens hierdie redenasie is geletterdheid altyd kultuur-gebonde. Woorde en idiome verteenwoordig sisteme van verbande wat nie slegs aan die individu behoort nie, maar deur die hele taalgemeenskap gedeel word. As

‘n gemeenskaplike verwysingsraamwerk nie bestaan nie, is selfs die gebruik van dieselfde taal geen waarborg vir doeltreffende kommunikasie nie. Daarvoor is die verstaan van beide die taal én die ander persoon se kulturele prioriteite nodig, want ‘n mens se kulturele agtergrond strek veel verder as taal.

**Kulturele geletterdheid** sluit byvoorbeeld die vermoë om historiese feite te kan dekodeer in; om historiese perspektief te ontwikkel; om te begryp wat die ideologiese dryfvere, die motivering vir gebeure was; wat die werklike gevolge was; en hoe die verlede gebruik kan word om die hede beter te begryp en die toekoms beter te beplan.

Net soos die geskrewe teks, funksioneer die visuele teks ook binne ‘n bepaalde konteks. Hierdie konteks is essensieel vir interpretasie. As die leser nie die konteks verstaan of ken nie, kan hy die teks nie ‘lees’ nie. Dit is nodig om bv. in die Asterix-tekenprente die Egiptiese en Galliese wêreld histories te ken om dit ten volle te kan begryp en te waardeer.

## 5.2 Elemente van die strokiesprent

**5.2.1 Raamgrootte:** dit kan ‘n rol speel, veral as daar gebruik gemaak word van wisselende groottes. Daar kan gekyk word watter bydrae die grootte lewer tot die vloei en begrip van die verhaal.

**5.2.2 Spraakborrel:** die gewone strokiesprentspraakborrel word dikwels net vir die dialoog van die karakters gebruik. Soms kan die vorm verander om spesifieke inligting aan die leser te verskaf, bv. by Asterix-tekste verkry dit ‘n groter dimensie. Uderzo vervorm en verkleur die spraakborrel om bepaalde redes. Hy maak van die volgende metodes gebruik:

- ❖ Reghoekige borrel vir inligting en beskrywing
- ❖ Ronde borrels vir dialoog
- ❖ Woorde sonder enige borrels: ‘Fluit, fluit’:
- ❖ Die gebruik van ander skrifsetsels (bv. hiërogliewe: meestal om geluide na te boots).

**5.2.3 Dialoog:** die dialoog van die karakters is van groot belang, want dit dra gewoonlik by om die verhaal te laat ontplooi of om die humor te ontbloot. Daar kan gebruik maak van verskillende lettergroottes ter wille van uitheffing of beklemtoning van gedeeltes. Letters kan ook gebruik word om klanke weer te gee. Hierdie aspek sal meer breedvoerig beskryf word by taalgebruik: **5.3 Taalgebruik in die strokiesprent.**

**5.2.4 Illustrasies:** die illustrasie van die strokiesprent en die dialoog, bepaal die sukses van die strokiesverhaal. Aspekte by die tekenwerk wat aandag behoort te kry, is:

- Detail en akkuraatheid van die illustrasies: dit moet duidelik sigbaar en onderskeibaar wees.
- Outentiek en oorspronklik, veral om sekere emosies weer te gee.

### **5.3 Taalgebruik in die strokiesprent**

In die skryfkuns kan die spel met woorde nie maklik in suiwer visuele vorm herhaal word nie. Die dubbelsinnigheid wat as humor-meganisme dien, kan soms onmoontlik sonder teks nageboots word. Tog, sê Combrink, kan visuele kommunikasie deur middel van beelde ook sekere boodskappe oordra op 'n wyse wat die geskrewe teks nie so doeltreffend kan doen nie, soos in die voorbeeld van Asterix se baard wat sy 'gebruikte' musieknote van sy huis se stoep afvee in ***Asterix and the Goths*** (1963).

'n Medium wat doeltreffend van beide teks en tekeninge gebruik maak, is strokiesprente (*comics*) en spotprente (*cartoons*). Hierdie medium bevat verskeie meganismes wat op doeltreffende wyse humor en satire kommunikeer, J.C. Combrink (1997: 63). Hieroor word breedvoerig **in hoofstuk 4, pp. 97 – 110** uitgewei.

Die funksie van die taalgebruik in die strokiesprent is veral belangrik, want dikwels word dieselfde uitbeelding van die karakters herhaaldelik gebruik. As 'n strokies-karakter iets sê, dui hy ook daarmee 'n handeling aan. G.M. du Plooy (2000: 19) noem in haar artikel dat: "*Perform also has the meaning of performance, which*

*can be the representation or demonstration of entertainment, or instruction, now more popularly called 'edutainment'".* Sy sê as die strokiesprentkarakter begeer om eenstemmigheid met sy waardes te verkry, moet die 'spraakhandelinge' nie net waargeneem word nie, maar ook so verstaan word. Spraakhandelinge sluit in: vrae, bevele, versoeke, bevestigings, wat d.m.v. dialoë, alleensprake of die sogenaamde van die verhoog-af-kommentaar. Die twee belangrikste vrae wat hier beantwoord moet word: **Wat** word gesê en **hoe** word dit gesê.

In 'n gedrukte strokiesprent word die mondelinge boodskap gewoonlik in 'n woordblasie (-borrel) of 'n gedagteblasie (-borrel) met 'n soliede-, gebroke- of gekursiveerde lyn of soms ook sonder 'n raam aangedui. In die geval van die praatgedeelte word die kontinuïteit deur middel van twee of meer karakters aangedui. Die gedagtes weer is deel van die **intrapersoonlike** kommunikasie en dit maak dit vir die kommunikeerder moontlik om kommentaar te gee en reaksie te toon op 'n iets wat nie vir die ander karakters in die prent hoorbaar is nie, maar wel vir die leser (Du Plooy, 2000: 21).

Die praat- en die gedagteborrel dra tot die psigologiese kapasiteit van die karakter by om alternatiewe maniere van lewe uit te beeld. Sulke dialoogfrases verbind die strokiesprentaampies met mekaar. Woorde – alhoewel dit gedruk word – verteenwoordig 'n dinamiese dialoog tussen karakters, 'n alleenspraakgedagte, 'n agter-die-rug-kommentaar, alles wat noodsaaklik is om die leser van die strokiesprent omtrent gebeure en gevoelens in te lig.

#### **5.4 Skryfkuns en beeldende / grafiese kuns**

Inge (1990: xviii, xix), verwys na strokiesprente as grafiese kuns, aangesien dit die visuele aspekte is wat eerstens die leser se aandag trek. Verder meen hy dat die strokiesprentkunstenaar dieselfde probleme as 'n beeldende kunstenaar moet konfronteer, naamlik om balans, ruimtelike verwantskappe, vorm, ens. op 'n aanvaarbare en duidelike manier aan te bied. Buiten hierdie formele elemente en beginsels wat die kunstenaar moet gebruik, is dit duidelik dat die narratiewe aard



van strokiesprente ook nog verder vereis dat die kunstenaar byklanke, beweging en drama moet naboots.

McCloud (1994: 212), verwys na strokiesprentkuns as ‘n medium wat gebruik maak van beide die skryf- en die beeldende kuns en wanneer saam benut:”...*comics offers tremendous resources to all wirters and artists...*” Hy motiveer sy teorie as volg: “*I even put together a new comprehensive theory of the creative process and its implications for comics and for art in general!!*” (McCloud, 1994: Introduction).

### 5.5 ‘Klanke’ in die strokiesprent

Hierdie visuele kunsvorm het die vermoë om tydsverloop en beweging aan te dui, en bevat teks wat gemanipuleer word om ook byklanke te verteenwoordig wat ‘n bydraende faktor in die skep van komiese situasies is. Die effektiwiteit van strokiesprente berus grootliks op die wye verwysingsraamwerk wat dit tot sy beskikking het om verskeie beelde, gedagtes en gevoelens te beheer. Inge (1990: 5): “*The comic strip draws on many conventions associated with the theatre, such as dialogue, dramatic gesture, background or scene, compressed time, a view of action framed by a rectangular structure, and a reliance on props and various stage devices*”.

### 5.6 Die invloed van die strokiesprent

Die invloed van strokiesprente kom op ‘n breë vlak van die samelewing voor, en dit het verskillende oogmerke.

**5.6.1 Die estetiese en filosofiese:** Inge (1990: xxi) verwys na die doeltreffendheid van strokiesprente wanneer hy sê: “*My intent is to suggest ways the comics also deal with larger aesthetic and philosophic issues mainstream culture has always defined in its arts and humanities. The comics are another form of legitimate culture quite capable of confronting the major questions of mankind, but they do it with gentler spirit that leads to laughter at the moment of recognition*”.

**5.6.2. Dominante mites en waardes:** *“Comic strips reflects the implicit pedagogy of a dominant system and acts as a hidden reinforcement of the dominant myths and values”* (Eco, 94: 38). Hy sê: *“Comic strips were also instruments of globalization long before the phenomenon became a buzzword. Characters from America such as Garfield, Charlie Brown and Dagwood are known worldwide through hundreds of local newspapers”*.

**5.6.3. Wêreldwye invloed:** Inge (1990: xvii) meen dat strokiesprente op ‘n wye vlak die kulture van beide die VSA en die res van die wêreld beïnvloed het. Savage (1990: ix) noem dat Amerika strokiesprentverhale gebruik het om hul posisie in die wêreld aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog te verduidelik.

**5.6.4. Sosiale waarde:** J.C. Combrink (1990: 70) beweer dat die individu, in sy strewe na homeostase, daarna streef om binne aanvaarbare norme en verhoudings binne die gemeenskap te funksioneer, wat vir hom die geleentheid sal skep om sosiaal deel te neem en in te pas by die gemeenskap. Hierdie voortgaande sosialiseringproses hang ook onder andere van die individu se vermoë af om hierdie (soms ongeskrewe) norme en lewenswyse te identifiseer en te versterk. Volgens Inge (1990: XII), word sekere waardes, soos die gesin as sosiale eenheid, versterk in die samelewing deur weergawes van strokiesprente soos onder andere **Blondie**, **Archie** en **Li'l Abner** (Inge, 1990: xii). Ander strokies soos **B.C.** (Meglin, 1981: 78), **Horace and Buggy** (Meglin, 1981: 34) en **The Wizard of Id** (Negkub, 1981: 86), is ooglopend satiries van aard, maar voorsien ook die leser van ‘n rasonale standaard waarteen die situasie gemeet kan word, wat gevolglik lagwekkend is (Inge, 1990: xii). Dit stem ooreen met wat Fletcher (1987: ix) as noodsaaklik vir die vorming van effektiewe satire sien, naamlik dat daar ten minste geïmpliseerde norme betrek moet word waarteen die teiken in ‘n satiriese situasie ontbloot kan word. Of hierdie norme aanvaarbaar is of nie, hang van die omstandighede af, en sal dinamies wees in samehang met die tye. In die strokiesprent **Obelix and Co.** (1976), kom hebsug en die verwerping van tradisionele waardes ter sprake (Gosciny & Uderzo, 1991: 5). Hierdie waardes kan as universeel aanvaar word. Dit vorm

‘n gedeelte van ‘n breë norme-raamwerk wat deur die meeste kulture oor ‘n lang tydperk aanvaarbaar sal word.

**5.6.5. Samehorigheidsgevoel:** Baie van die strokiesprente bevat ‘n gemeenskaplike vereiste, byvoorbeeld dat die leser met sekere van die karakters wat gereeld in die verhale voorkom, asook hul eienaardighede, vertrouwd moet raak. Herhaaldelike gebeurtenisse wat voortdurend voorkom, kan daarin slaag om die leser ‘n samehorigheidsgevoel teenoor ‘n bepaalde strokiesprent te laat koester, aangesien dit esoteries van aard kan wees.

**5.6.6. Kreatiewe ontwikkeling:** Meglin (1981: 79) wys na die pogings van Strokiessprentkunstenaars om voortdurend oorspronklike aanbiedinge te skep wat hul strokies anders sal laat voorkom. Hy meen verder dat strokiesprente hul eie ‘taal’ skep en dat nuwe strokiesprente staat maak op nuwe uitdrukkings, modes en giere om publisiteit daaruit te verkry. Van die voorbeelde wat Meglin noem, is Popeye se voorliefde vir spinasie, Dagwood se uitermatig groot toebroodjies en die uitroep van “Good Grief!” van Charlie Brown (Meglin, 1982: 79 - 80).

**5.6.7. Kulturele agtergrond:** Ander aannames kan ook van gemaak word, soos byvoorbeeld dat die leser ‘n kennis van Latyn moet hê om sekere komiese sêgoed in Asterix se prenteverhale te kan verstaan. Die kulturele agtergrond vorm ‘n basis waarop die leser sekere konsepte en maniere van persepsie en die betekenis daarvan, ervaar (Combrink, 1997: 73).

**5.6.8. Kulturele humor:** Alhoewel daar voortdurend ‘n groot verspreiding van strokiesprentverhale deur die wêreld plaasvind, is die inhoud daarvan aan sekere norme, kennis en ingesteldhede van die gemeenskappe wat hierdie verhale produseer, onderworpe en ander gemeenskappe kan dit gevolglik vreemd vind. ‘n Voorbeeld van die ‘andersheid’ is sekere Oosterse strokiesprente (Silbermann, 1986: 158-184 en McCloud, 1994: 81-83).

**5.6.9. Ideologiese standpunte:** Die algemene norme en waardes van die gemeenskap van wat ‘goed’ en ‘sleg’ is, word gereflekteer, somtyds uit ‘n ideologiese standpunt, (*Cowboys and Indians*), en somtyds uit mistasting van die waarheid, (strokiesprentboekies soos *War Heroes* wat slegs die Britse standpunt na die Tweede Wêreldoorlog verdedig het). Hedendaagse

strokiesprente verskaf 'n breë verwerkingsraamwerk wat baie fasette van die samelewing bedien en gesofistikeerde scenarios ontvou binne somtyds brutaal-realistiese en somtyds abstrakte-idealitiese omstandighede. Die karakters is baie meer kompleks en individuele standpunte en eenaardighede kom na vore, wat in ooreenstemming is met die postmodernistiese siening van die fenomenologie. Wanneer dit by komiese strokiesprente kom, wil dit egter voorkom asof die kompleksiteit ook verskuif na die humor, eerder as na net die karakters (Combrink, 1997: 73).

### **5.7 Tegnieke en metodes om humor te bewerkstellig**

Die strokiesprentkunstenaars maak van 'n wye verskeidenheid tegnieke en metodes gebruik om humoristiese situasies te skep:

- Tyd, beweging, byklanke, distorsies en die inkongruente voorkoms van karakters en situasie is maar 'n paar van hierdie instrumente in hul hande.
- Hulle gebruik die speling tussen realiteit en die denkbeeldige as gemanipuleerde instrument om wipplank met die emosies van die leser te ry.
- Hulle gebruik ook meer onderliggende hulpmiddels soos byvoorbeeld die verbeelding van die leser en assosiasie met die kultuur en natuur van die mens (J.C. Combrink, 1997: 74).
- Strokiesprentkunstenaars maak in die eerste plek gebruik van 'n metode wat as spieëlbeelding of projeksie beskryf kan word. Dit is 'n manier waarop die leser hom met die voorkoms of optrede van die karakters kan identifiseer en sodoende 'bekend' voorkom. Baie van hierdie situasies herinner ons aan die lewenspel en hoe daar in sekere omstandighede opgetree word om voordeel, aandag of goedkeuring te kry (Berne, 1964: 15-17).
- Die leser van 'n strokiesprent identifiseer gewoonlik met die een of ander karakter en daar kan dikwels verwag word dat die dapperste, mooiste, sterkste en eerbaarste karakter in 'n verhaal die gesogte een sal wees. Meer aandag word aan karaktereienskappe en optredes van

strokiesprentkarakters gegee waarmee die lesers hulle kan vereenselwig as aan voorkoms (McCloud, 1994: 36).

## 5.8 Rolverdelings

Volgens Berne (1964: 25) manifesteer die menslike ego op drie verskillende vlakke, nl. die kind, ouer en volwassene. Hierdie rolverdelings en die manier waarop dit in die algemeen funksioneer, kan die meeste mense mee identifiseer, bv. die beskermende moeder wat waarsku teen onbesonnenheid, die man wat voortdurend groter en beter 'speelgoed' wil hê en die kind wat stout is en die ouers probeer manipuleer.

## 5.9. Beweging in strokiesprente

Die strokiesprentkunstenaar het 'n gevorderde stel metodes en tegnieke ontwikkel om tydsverloop en beweging, wat noodsaaklik is vir die skep van sekere komiese situasies, aan te dui. McCloud (1994: 110 - 115) bespreek beweging in strokiesprente redelik breedvoerig. Hy verwys na die probleme wat vroeëre kunstenaars gehad het met die aanduiding van beweging binne 'n statiese medium. Daar is eers gebruik gemaak van 'n groot aantal beelde wat opeenvolgend 'n sekere aksie oor 'n hele aantal prentframe uitvoer. Net soos die geluide wat nageboots word, tydsverloop kan aandui, kan kunstenaars tyd binne een enkele paneel / raam aandui. Hierdie tegniek het oor die jare meer verfynd geraak aangesien die ikonografie van die strokiesprente 'n wyer en meer algemene taal ontwikkel het. Daar word gebruik gemaak van bewegingslyne waarin die aksie van die voorwerp in stadiums aangedui word, asook verdowwingstegnieke wat, soos in fotografie, die skimbeelde van die voorwerp aandui sodat die laaste beweging die duidelikste voorgestel word. Hierdie tegniek kan tydsverloop sowel as rigting en beweging aandui. Volgens McCloud (1994: 111) het hierdie tegnieke so ingewikkeld geraak, dat die lyne wat gebruik word om beweging aan te dui amper 'n lewe van en teenwoordigheid op hul eie in kunswerke begin vorm het.

Combrink (1997: 101) dui ook aan dat beweging op ander gebiede ook aangedui kan word, soos die gebruik van kraglyne, stofkolomme en bewegingslyne. Tydsverloop kan gevolglik, soos die kunstenaar dit verlang, verlangsaam of vertraag word. Hierdie meganisme kan deur die kunstenaar gebruik word om verrassing mee te bring wat humor stimuleer.

Omdat ek deurgaans in my studie op die Afrikaanse en Suid-Afrikaanse fokus, het ek dit goed gedink om hoofsaaklik op *Madam & Eve* in die strokiesprentveld te konsentreer, alhoewel daar ook ander Suid-Afrikaanse strokiesprente vervaardig is.

## 5.10 Strookiesprente: Praktyk

### 5.10.1 Ontstaan

*Madam and Eve* het sy ontstaan in die tagtiger jare gehad toe Stephan Francis vanaf New Jersey na Suid-Afrika gekom het en in die huis van sy skoonmoeder die 'liefde-haat'-verhouding van sy skoonma met die huishulp vreemd maar amusant gevind het. Francis, saam met sy Suid-Afrikaanse vriend, Rico Schacherl, en skrywer, Harry Dugmore, het die humor en moontlikhede daarvan ingesien en 10 jaar later is *Madam & Eve* in 12 koerante versprei, word deur 4 miljoen Suid-Afrikaners aan beide kante van die rasselyn, gelees. Schacherl beweer: "*It speaks to everybody*", (Rossouw, H. 2003: 2). Die strokie is ook in verskillende tale vertaal, soos onder andere in Sweeds, Deens en Norweegs.

Die 'heldin' van die strokie is Eve Sisulu, die huishulp (*domestic maintenance assistant*), wat daarvan hou om op die strykplank 'n uiltjie te knip. Daar is ook Gwen Anderson, 'n tipiese '*high-strung*' madam, wat nie weet wat die verskil tussen die opwasmasjien en die wasmasjien is nie en wat ook altyd probeer om met Eve oor haar 'salaris' te onderhandel.

### 5.10.2 Televisiereeks: Madam & Eve

Roberta Durrant, 'n gebore en getoë Suid-Afrikaner, is die vervaardiger en regisseur van die televisiereeks *Madam and Eve* en is in 2002 in Montroux,



Switzerland, op 'n glansryke geleentheid as naaswenner van die Rose d'Orr TV-toekenning aangewys. Sowat 3 000 programme uit 19 lande ding jaarliks om hierdie gesogte trofee mee. Sy het al wat 'n plaaslike TV-toekenning is, aldus Bettie Kemp in Rooi Rose (2002: 48), hiervoor ontvang.

Madam en Eve word tans op Maandae om 20:30 op E-TV uitgesaai en die strokiesprente verskyn ook in boekvorm en in tydskrifte. Roberta Durrant sê dat komedie vir haar 'n baie presiese en ook 'n universele kunsvorm is. Dit wat haar van komedie geïnteresseer het, is dat dit mense bymekaar bring. Die strokiesprent waarop haar Madam-reeks gegrond is, se titel het haar van die begin af aangegryp. Dit handel oor twee vroue wat oor die kombuisvloer na mekaar toe uittrek, ondanks hulle verskille, 'n tipiese Suid-Afrikaanse milieu.

### 5.10.3 Temas vir satire

Dugmore sê dat dit in Suid-Afrika 'n "*perfect time for satire*" is, "*the divorce rate is very high, [reflecting] the changes of the country. We are coming out of an authoritarian era. The whole society is in shock*" (Blauer, E, 1999: 192). Die strokiesprentskrywers maak gebruik van hierdie situasie, asook die misdaad wat met rasse skrede styg. Die huishulp het totale toegang tot 'wit' huishoudings, is deel van hulle lewe, maar tog word sy nie toegelaat om die toilet te gebruik nie, ens. Al hierdie kontroversiële sake word vrylik in die strokiesprente mee gespot. In hierdie geval word humor gebruik om baie 'politieke sake' aan te spreek, en hulle kan daarmee wegkom soos geen ander media-produk dit kan regkry nie. Skandale, politieke vraagstukke en rassekwessies in plaaslike rade is alles temas wat gebruik word. Alhoewel 'n groot gedeelte van die politieke situasies al sedert die begin van die reeks verander het, is die karakters nog steeds stereotipes waarmee daar vrylik geïdentifiseer kan word.

### 5.10.4 Eienskappe van die kunsmatige wêreld van die strokiesprent

## I. Die verhouding met tyd en verhalende elemente

In drie tot vier raampies word daar 'n situasie geskep, word dit uitgebou en opgelos met die deurslaggewende raampie (*punchline*), wat dan die humor verskaf. Soos daar van links na regs geles word, is daar 'n tydprogressie in ons wêreld en die wêreld van die strokiesprentkarakters. Die finale raampie vereis 'n vorm van 'n toepassing of afronding (*closure*), want 'n onopgeloste situasie sal nie werklik snaaks wees nie. Waar daar 'n reeks strokies in opeenvolgende dae in 'n daaglikse publikasie verskyn, sluit die daaglikse finale raampie by die volgende dag se eerste raampie aan. Brittan, S (1998: 6) beweer dat *Madam & Eve* in boekvorm meer geslaagd is, omdat al die daaglikse strokies gesamentlik geles kan word en elke humoristiese situasie die volgende een kan versterk en die humor so uitbou.

Brittan (1998: 6) noem dat elke strokie in 'n mindere of meerdere mate kommentaar op die daaglikse lewensituasies lewer, en dit het die gevolg dat aktuele sake ook in die storielyn ingesluit word, alhoewel dit nie so pertinent soos by die spotprent sekere gebeure uitlig nie. Tyd en die verhalende elemente word gelyktydig aangebied, albei is staties maar met 'n konstante voorwaartse beweging. Die verhalende elemente vind plaas in die leser se tyd en in 'n parallelle altyddurende teenwoordigheid. Die karakters word nie ouer of verander nie sommer nie. Oor die algemeen groei kinders nie op nie, m.a.w. hulle bly naastenby dieselfde ouderdom. Karakters soos *Madam & Eve* dra altyd dieselfde klere en funksioneer jaar na jaar in dieselfde statiese ruimte. Karakters en situasies in *Madam & Eve* moet t.w.v. die gereelde lesers dieselfde bly, maar moet aanpasbaar genoeg wees om rekening te hou met die verandering in die 'werklike' lewe en dit sodoende weergee.

Alle strokiesprente vertel stories van mense en situasies. Die verhalende word spesifiek aangewend om geslag, ras en sekere konsepte van die volk uit te lig, Stories word nog altyd suksesvol aangewend om te verduidelik waarom sake is soos dit is, ondanks die mites wat in elke kultuur voorkom.



## II. Styl

Styl is een van die uitstaande eienskappe van die strokiesprent. Britten (1007: 8) beweer dat die sukses van 'n strokiesprent nie slegs in die humoristiese gedeelte lê nie, maar ook in gepaste en onmiskenbare karikature. Die styl in *Madam & Eve* is relatief Spartaans. Die vroue word herken aan hul lang hare, ooringe, rompe en juweliersware. Eve se gelaatstrekke word versigtig gevorm en lyk meer vroulik as Madam en haar moeder. Eve kry groot oë, 'n skerp neus, hoë wangbene en gedefinieerde lippe. Daar is nie werklik mans in die strokie teenwoordig nie en hulle word slegs af en toe as 'n besoeker gebruik. Madam se seun, Eric, sy swart vriendin, Lizeka, verskyn ook soms in die toneel.

## III. Konflik

Al die strokiesprente, soos verhale ook, maak van konfliksituasies gebruik. In die vroeë verskyning van die reeks was die konflik hoofsaaklik tussen die twee hoofkarakters geleë, nl. die konserwatiewe huisvrou teenoor die vindingryke huishulp. Na die verloop van 'n jaar het die kunstenaars moeder Anderson ingebring om die liberaal-wordende Madam op haar 'tone te hou'. Thandi, die niggie van Lizeka, gesels dikwels met Madam se moeder en hierdie situasie leen hom ook uitstekend daartoe om die generasiegaping tussen 'ouma' en 'kleindogter' satiries uit te beeld.

## IV. Stereotipes

Madam is die opvallendste stereotipe. Sy word as 'tipies' aangewys en is daarom gewoon. Sy is duidelik nie so 'intelligent' soos Eve nie en daarom word sy dikwels as die 'slagoffer' van die humor voorgehou. Eve word nie as die 'tipiese' swart huishulp beskou nie, want sy het ook 'n begeerte om die huiswerk af te lê en vir haar 'n beter toekoms te soek. Saam met Lizeka word Eve se gelaatstrekke die minste verwring. As daar slegs na die karaktereienskappe gekyk word, sal dit vir die leser al reeds duidelik wees dat die swart, vroulike karakters baie meer aanvaarbaar voorgestel word as die wit, vroulike karakters. "*They function as critical observers in contrast to the ignorance of the white women and are therefore most often the ones the reader laughs with*" (Britten, 1997: 10).

## V. Sosiale konteks en verandering

Vanuit 'n postmoderne perspektief word mag, geslag en ras die sogenaamde meesterkodes genoem. Gesagsfigure soos Nelson Mandela, Louis Luyt, Bafana Bafana se afrigter, Chief Buthelezi, Dali Thambo, Biskop Tutu, Alan Boesak, Matthews Phosa, Felicia Mabuza-Suttle, PAGAD, Winnie Madikizela-Mandela en Peter Mokaba word almal as gaste in die strokiesprente ontvang (Du Plooy, 2000: 20). *Madam & Eve* slaag daarin om sekere situasies met betrekking tot die Suid-Afrikaanse kultuur te parodieer waar sekere sosiale reëls van 'uitsluiting' en 'insluiting' nog geld.

## VI. Sake wat 'n invloed op fiktiewe kommunikasie het

- o die ooreenkomste en verskille tussen die kommunikeerder en die leser.
- o die balans wat geskep word tussen 'n oormatige poging om bv. snaaks te wees en 'n verskuilde boodskap wat ingesluit word.
- o die verdienstelikheid van die karakters vanuit die leser se perspektief.
- o die taal moet maklik wees om te verstaan en die inhoud moet ook verstaanbaar wees.
- o die betekenis van die grafiese konvensies (as simboliese kodes) moet waardeur word (Du Plooy, 2000: 21).

## VII. Kommunikasie-strategieë

Temas word deur verbale en visuele kodes vergestalt. Du Plooy noem dat *Madam & Eve* 'n goeie voorbeeld is van hoe 'n argument eerder deur 'vermenigvuldiging' as deur 'vermindering' uitgebeeld word. Sy gebruik die voorbeeld waar Gwen 'n verestoffer vashou en haar ma 'n besem terwyl Eve op die stoel sit en lees. Sy beweer dat die strokieskarakters ook soms van omgekeerde stereotipes gebruik maak en hoe uiteenlopende verbale gesprekke, gebare of gesigbewegings (lig van 'n vinger, groot oë rek, wenkbroue lig) ook 'n bydrae tot die komiese kan lewer.

### **VIII. Gevoelstrategieë**

Hierdie strategieë sluit boodskappe in wat wys hoe baie die karakters mekaar ondersteun en van mekaar hou.

### **IX. Gerusstellende strategieë**

Dit sluit temas in waar die een karakter die ander een ondersteun en troos.

### **X. Gekompliseerde en konflikbeheerde strategieë**

Twee strategieë wat dikwels in *Madam & Eve* voorkom, is die gebruik van gekompliseerde en konflikbeheerde strategieë waar boodskappe gebruik word om ander te oorreed om by 'n karakter se behoeftes in te pas. 'n Goeie voorbeeld hiervan, volgens Du Plooy (2000: 22), is waar Madam vir Eve smee om nie vir die langnaweek weg te gaan nie, maar om Werkersdag saam met hulle deur te bring (die kombuis is vol vuil skottelgoed wat gewas moet word).

Konflikbeheerde strategieë het ten doel om die verskille in verhouding te beheer, bv. Gwen wat 'n Sangoma inroep om as haar finansiële raadgewer op te tree.

### **XI. Oorsaaklike strukture**

'n Strukturele benadering tot dialoog tussen twee karakters word op 'n interaktiewe perspektief gebaseer wat aanneem dat 'n verbale gesprek gebaseer is op in kulturele en spesifieke konteks. Sulke reëls is van toepassing op konvensies aan die begin van 'n gesprek, tussen spreekbeurte, verandering van onderwerpe en die beëindiging van 'n onderwerp. Die konteks verskil van bv. 'n informele situasie in die kombuis, na 'n hoftoneel teenoor 'n ander gesprek wat Madam en Eve oor bv. Nelson Mandela se 80-jarige verjaarsdagbekers wat op 'n vlooiemark verkoop word, voer.

Die dialoog in 'n strokiesprent word versigtig in spreekbeurte gestruktureer, met die fokus op een karakter per keer. Wanneer die karakter geanaliseer word, saam met die verbale- of gedagteborrel, word die volgende kategorieë in berekening gebring: Alderton & Frey (1983: 88 – 95) noem dit die '*adjacency pair*', waar die

versoek-en-weiering aanleiding gee tot die volgende, nl. 'n weiering-met-'n-argument. In elke raampie is die fokus óf op die karakter wat praat, óf op die een wat luister. Deur die fokus op die reaksie te plaas, dra dit nie slegs tot die struktuur en uitruil van die boodskap by nie, maar ook tot die uitkoms daarvan. Dit word skematies as volg uiteengesit:

### **Die inisieerder in die strokiesprent**

(eerste spreker of karakter in die eerste raampie):

- lyk vriendelik / onvriendelik
- oorreageer./ kom apaties voor
- gee kontroleerbare inligting
- gee 'n subjektiewe mening
- stel iets voor
- versoek inligting
- versoek 'n mening
- versoek voorstelle

wys spanning / kom ontspanne  
voor / reageer positief / neutraal /  
negatief / verskil /  
stem saam

### **Die respondent in die strokiesprent**

(die luisteraar of tweede spreker)

- lyk vriendelik / onvriendelik
- oorreageer / kom apaties voor
- gee kontroleerbare inligting
- gee 'n subjektiewe mening
- stel iets voor
- versoek inligting
- versoek 'n mening
- versoek voorstelle

wys spanning / kom ontspanne  
voor / reageer positief /  
neutraal / negatief / verskil /  
stem saam.

## **XII. Tematiese kontekste**

Du Plooy noem dat dit moontlik is dat al die gedrukte woorde waaruit die boodskap bestaan, deur die leser verstaan word sonder dat hy / sy daarvan bewus is, of wat die bedoeling agter die gegewe is. Met ander woorde, ten spyte van die moontlikheid dat die kommunikeerder die boodskap anders bedoel as wat die leser dit ervaar, wil hierdie studie daarop wys dat die boodskap in die visuele, woorde en formaat van die strokiesprent geleë is.

Omdat elke strokiesprent 'n ander tema uitbeeld, kan dit intertekstueel na ander media-vorme ook wys, daarom moet die lesers bewus wees van die subkode (*undercoding*). Dit is belangrik dat die lesers progressief 'opgevoed' word deur die voortdurende blootstelling aan soortgelyke boodskappe.

Die samelewing is dinamies en multi-dimensioneel. Die realiteit wat gewoonlik by strokiesprente weerspieël word, is nie noodwendig 'n weergawe van die werklike lewe nie. Tog word daar in *Madam & Eve* met die realiteit kontak gemaak en behou deur realistiese onderwerpe as temas te gebruik, soos persoonlike- en groepsentimente, bv. die raadpleging van 'n sangoma, nasionale sentimente, swaarkry, ommekeer van sosiale rolle, sowel as die gebruik van bekende politieke en sport- sowel as vermaaklikheidspersoonlikhede en ander openbare figure wat in 'n persoonlike, politieke, ekonomiese, plaaslike, nasionale en internasionale situasie geplaas word.

### **XIII. Gedragstrategieë**

Die beelde van die strokieskarakters kan in terme van eienskappe en kenmerke geëvalueer word (bv. bly en eerlik). Omdat die strokiesprentkarakters as sosiale 'akteurs' optree, beeld hulle 'n gedragspatroon uit wat oor 'n verskeidenheid situasies strek. Strokiereprente gebruik visuele, simboliese konvensies as 'n riglyn om sulke kenmerkende situasies uit te beeld en om verskillende gedragspatrone neer te lê.

#### **5.10.5 Fokus op drie konvensies:**

Die volgende drie konvensies sal aandag geniet, nl. die raam, beweging en karakterisering.

##### **I. Raam**

Strokiesprente is eenvoudig en tweedimensioneel; dit word gewoonlik in liniêre volgorde, soos die Westerse gebruik dit vereis, gerangskik. Die prente toon dikwels slegs die profiel en voorwerpe word soms net met die nodigste buitelyne aangedui sonder enige skadu- of diepte-aanduidings.

Die aanbieding wat in *Madam & Eve* gebruik word, sluit 'n inleidings- of 'n slotraampie in. Deur die voortdurende kombinasie van een of meer rame, ongeag of die eerste raampie met 'n argument, belofte, bevel, verskoning, waarskuwing, uitnodiging, versoek, standpunt, mening of voorstel begin, is die reaksie daarop die belangrikste van die verhalende deel.

## II. Beweging

Beweging is 'n belangrike kenmerk van lewe. Een van die moeilikste uitdagings wat 'n strokiesprentkunstenaar aanpak, is om 'lewe' uit te beeld wat vasgevang word in 'beweging'. Elke afsonderlike raampie beeld 'n spesifieke geïsoleerde oomblik uit, wat die illusie van voortdurende beweging aandui. Dit word bewerkstellig deur 'n enkele beweging, 'n gebaar vas te vang wat die idee uitbeeld dat die karakter in 'n oomblik van beweging betrap is. Kinetiese energie is 'n spesifieke kenmerk, omdat 'n gevoel van 'bestaan' deur die karakter se gesig of lyf uitgestraal moet word. Met 'n handgebaar, oë wat rek, hare wat opgelig is, 'n sekere houding, word die stilbeeld op die begin of beëindiging van 'n beweging gerig.

Die beweging van elke voorwerp word deur fisiese wette van swaartekrag of wrywing beheer. Alhoewel die mens 'n wil van sy eie het, kan die grafiese illustrasie van beweging die mens se gedrag in verhouding met hierdie magte uitbeeld. Ander natuurlike magte of kragte kan ook gebruik word as 'n sentrale agtergrond vir gedrag wat op die storielyn van toepassing is, soos, bv. reën, wind, golwe, hitte, koue, ens.

Alhoewel die lesers aanneem dat voorwerpe by natuurlike elemente sal aanpas indien dit in die werklike lewe sou bestaan, het elke strokiesprent sy eie werkswyse. Hierdie werkswyse stel die kunstenaar in staat om van oordrywing of verwronge eienskappe gebruik te maak. Hierdie 'tematiese vryheid' veroorsaak dat karakters soos superwesens kan optree waar twee wêrelde saam vasgevang word. Verwringing en oorvereenvoudiging is kenmerkend van die strokiesprent-

boodskappe, wat 'n invloed op die menslike interaksie en karakterontwikkeling het. Sulke oordramatiese aanbiedings vorm dikwels die kern van die komedie.

### III. Karakterisering

'n Strokiesprent is daarop ingestel om 'n storie te vertel. Omdat die ruimte soms beperk is, word daar slegs van die basiese kommunikasiemetodes gebruik gemaak. Die belangrikste van elke karakter moet met die minimum grafiese uitbeelding geskied. Hier is dit van belang of die karakters in 'n lang, medium of naby skoot uitgebeeld word. (Hierdie verskillende skote word in hoofstuk 8, pp.290 - 294 uitgebeeld). Elke raampie straal 'n sekere vitaliteit uit wat vir die afwesigheid van beweging moet vergoed. Sulke vitaliteit word deur middel van vergrotings daargestel (bv. 'n naby skoot van 'n kop of 'n hand) of kan indirek (in die afwesigheid van taal) uitgebeeld word. Die grootte en vorm van die voorwerpe of karakters beheer deur hul gedrag en dra by (in die geval van mense) tot hul karakters, veral as daar 'n grafiese klimaks in die finale raampie bereik word. Die strokiesprentkunstenaar beeld die menslike swakhede en eksentrieke gedrag in menslike afbeelding uit en vervul daardeur psigologiese en estetiese funksies. Deur dit so aan te bied, ontwikkel die strokiesprentkunstenaar 'n spesifieke grafiese styl.

Gevoelens en karakterisering word basies deur die naby skote van die gesig waar die oë en die mond soms vergroot word, uitgebeeld. 'n Estetiese beginsel wat kenmerkend van die strokiesprent is, is die verwronge vorm waarin sekere liggaamsdele uitgebeeld word, soos die mond, oë, groot kop, klein liggaampie, ens. Die oordrywingstegniek t.o.v. liggaamseienskappe word dikwels herhaal om 'n stereotipe-effek van die karakter se emosionele toestand te skep.

Die sketse van die figure van die karakters en voorwerpe is nie sekondêr tot die woorde nie, maar word saam met die woorde in die teks ingewef, dikwels met die bedoeling om aan te vul, te kontrasteer, te vervang of om die verbale boodskap te beklemtoon.

Verandering in gesigsuitdrukking brei dikwels die betekenis van die boodskap agter die geskrewe woorde uit.

Karakterisering in fiktiewe visuele genres (soos films of TV-sepies) ontwikkel gewoonlik parallel met die storielyn. In strokiesprente lyk die karakterisering anders en moet aangepas word by die unieke geënkodeerde kenmerke, soos die dialoogborrel en die opeenvolgende raampie. Du Plooy (2000: 25) noem dat *“metalanguage devices such as metamorphosis, symbolism and metaphors are applied to give life to the occurrences and human credibility of the characters. Metamorphosis is accomplished by everyday situations being punctuated with intrusions, and by means of transitions taking place from one character (object or setting) to quite a dissimilar mental or visual association within one cartoon”*.

Alhoewel die gedrukte strokiesprente oënskynlik eenvoudig en ongekompliseerd lyk, word die boodskappe uit komplekse visuele en verbale simboliek saamgestel. Omdat die skakeling met die metaforiese taal indirek is, is dit meestal nodig vir die leser om 'n basiese kennis van die karakters in die strokiesprent te hê juis vanweë hierdie skakeling met die fiktiewe wêreld.


**5.10.6 Die leeruitkomst** wat in hierdie strokiesprente gebruik is, is die volgende: Lees, luister, praat, skryf en aanbied. Die belangrikste assesseringstandaarde is die volgende:

- neem deel aan groepsbesprekings deur eie idees en menings uit te spreek, na ander s'n te luister en dit te respekteer;
- maak afleidings en gevolgtrekkings en motiveer bewyse;
- herken en bevraagteken die subtiele gebruik van gevoels- en manipulerende taal, partydigheid, vooroordeel en stereotipering;
- lei die betekenis af van onbekende woorde of beelde in 'n verskeidenheid kontekste deur kennis van grammatika;
- kyk weer na en hersien tekste en besonderhede in tekste;
- ontleed hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis beïnvloed;
- onderskei tussen feite en menings;
- verduidelik die verskil tussen direkte en geïmpliseerde betekenis;



- verduidelik die skrywer se perspektief en verduidelik uit die teks;
- ontleed en verduidelik die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste en toon hoe dit betekenis beïnvloed;
- ontleed die impak op die betekenis van 'n teks.

### 5.11.1 Strokiesprent 1:




**Vrae:** Madam & Eve (Kaperjolle, p. 56)

1. Kyk noukeurig na die prentjie. Bespreek kortliks die tydsaanduider in raampie 1.
2. Bespreek die lyftaal van die twee persone in raampie 1.

3. Is daar 'n verband tussen vraag 1 en vraag 2?
4. Watter tydsaanduider word in raampie twee gegee?
5. Bespreek wat die verhouding tussen die twee karakters is wat jy kan aflei.
6. Dui die verskil in Madam en Eve se voorkoms aan.
7. Bespreek die emosie op die gesig van Eve in raampie 5.
8. Wat gee Eve die moed om aan te hou met vra?
9. Bespreek kortliks Madam se gemoedstoestand in raampie 1 – 8.
10. Wat veroorsaak dat Madam verander in die volgende raampie (raampie 9)?
11. Watter visuele elemente word gebruik om haar veranderde gevoel uit te druk?
12. Watter afleiding kan daar uit die laaste raampie gemaak word?
13. Waarin is die humor geleë?
14. Sou jy die strokiesprent as 'snaaks' ervaar? Gee 'n rede vir jou antwoord.
15. Watter konfliktsituasies, dink jy, het al tussen die twee karakters ontstaan? Maak jou afleiding uit die gegewe teks.
16. Het die vorm van die woorde in die voorlaaste reël 'n belangrike funksie? Verduidelik hoekom jy so sê.
17. Behalwe die taal waarin dit geskryf word, kan dit gesien word as 'n tipiese Suid-Afrikaanse situasie? Gee 'n motivering waarom jy so sê.
18. Skryf 'n dialoog waarin jy die gesprek tussen die twee karakters voortsit.
19. Stel jy na dese belang om verder oor die twee karakters in 'n strokiesprent te lees?
20. Gee 'n opsomming van die vernaamste karaktereienskappe wat jy in bg. strokiesprent van beide, Madam en Eve, kon aflei.
21. Met wie kan jy identifiseer en sê ook waarom.

## 5.11.2 Strokiesprent 2:



# Bitterkomix kom weer

'n *Bitterkomix* uit Parys: 'n bladsy en die buiteblad uit die veertiende uitgawe van dié dikwels galbitter satiriese strokiesprent, wat binnekort op die rak sal wees. Dis in Frankryk persklaar gemaak deur die bekroonde kunstenaar Conrad Botes voordat hy in alle erns kon werk aan die tien olieverfskilderye wat hy tydens 'n verblyf van vier maande in Parys wil maak. Oor *Bitterkomix* het Antjie Krog verlede jaar in die N.P. van Wyk Louw-lesing gesê behalwe Afrikaanse rockmusiek is daar vir haar "geen beter manifestasie van wat in jong Afrikaanssprekende rebelle se koppe aangaan as *Bitterkomix* nie". Die agterkleinkinders van Van Wyk Louw, het sy gesê, het op bewonderenswaardige wyse vir hulle 'n genre en 'n verskeidenheid temas oopgeveg.

Perspektief (Beeld) 7 Augustus 2005  
geskryf deur Cobus van Bosch



Bitterkomix kom weer  
'n *Bitterkomix* uit Parys: 'n bladsy en die buiteblad uit die 14e uitgawe van dié dikwels galbitter satiriese strokiesprent, wat binnekort op die rak sal wees. Dit is in Frankryk persklaar gemaak deur die bekroonde kunstenaar Conrad Botes voordat hy in alle erns kon werk aan die 10 olieverfskilderye wat hy tydens 'n verblyf van vier maande in Parys wil maak. Oor *Bitterkomix* het Antjie Krog verlede jaar in die N.P. van Wyk Louw-lesing gesê behalwe vir Afrikaanse rockmusiek is daar vir haar "geen beter manifestasie van wat in jong Afrikaanssprekende rebelle se koppe aangaan as *Bitterkomix* nie".

1. Waaroor handel die strokiesprent “Bitterkomix”?
2. Sou jy die reeks verder wou lees? Motiveer hoekom jy so sê.
3. Verduidelik kortliks, sonder om op die woorde te konsentreer, waaruit die handeling in die strokiesprent bestaan.
4. Waarom, dink jy, is die naam “**Bitterkomix**”?
5. Die ekstra inligting in die blokkie, help dit vir jou om die inhoud te verstaan? Haal ‘n paar sleutelwoorde aan wat jou kon help.
6. Wat verstaan jy onder die woorde van Antjie Krog?
7. Wie sal jy by hierdie jong Afrikaanssprekende rebelle insluit? Waarom?
8. Waarteen dink jy word hier gerebelleer?
9. Die laaste raam (die einde) lyk heeltemal anders as die res. Bespreek die verskille t.o.v. die ruimte en atmosfeer.
10. Waaruit bestaan die konflik wat in al die raampies uitgebeeld word.
11. Haal die humor uit die strokiesprent.
12. Dui die satire aan.
13. Bespreek die geslaagdheid al dan nie, van die strokiesprent.
14. In watter opsig kontrasteer die laaste raam met die res?
15. Wie dink jy is die hoofkarakter en waarom sê jy so?
16. Waarom word die strokiesprent as “omstrede” beskou?
17. Conrad Botes se strokiesprente (Die Bitterkomix) word ook as kru en makabere ikonografie beskryf. Verduidelik kortliks, deur jou eie woorde te gebruik, hoe jy dit verstaan.
18. Vir wie dink jy is die strokiesprente geskik en vir wie nie?
19. As daar na die voorblad van *Bitterkomix 14* gekyk word, watter destruktiewe elemente is opvallend?
20. Gee ‘n karakterbeskrywing van die ‘voorbladman’ soos jy hom ervaar.
21. Van watter visuele middele maak die kunstenaar baie in elke raam van gebruik?
22. Som die strokiesprent in ‘n paar woorde op en gee ook ‘n geskikte idioom wat by die tema kan aansluit.

### 5.11.3 Strokiesprent 3:



Not only is Elvis alive and well and living in South Africa — he even does his own shopping. Hey — he's got to buy his peanut butter and banana sandwiches somewhere! We got a call from the leading supermarket chain, Pick 'n Pay, asking to purchase the original cartoon artwork to hang in their CEO's office. Being nice guys (and incredibly stupid),


we decided to donate it to the store and, as far as we know, these panels are framed and hanging in some Pick 'n Pay passage. If an executive from Pick 'n Pay is reading this, the least you could do is send us some boxes of free groceries.

#### Vrae:

1. Dui die ironie in die eerste vier raampies aan.
2. Gee 'n aanduiding waar, dink jy, die ruimte is waarteen die verhaal in die strokiesprent afspeel.
3. Waaroor is Madam in raam 1 verbaas?
4. Wat verteenwoordig 'n *sangoma*, 'n *witch doctor* en 'n *ghost*?
5. Watter emosie word in Eve se gesigsuitdrukking in raam 1 weergegee?
6. Wat kan daar in raam 3 afgelei word?
7. Die hoofletters en swartdruk van Madam se woorde dui watter emosie aan?

8. Is dit betekenisvol dat Eve met haar hande gevou in raam 4 staan?
9. Wat wil Madam in raam 6 te kenne gee?
10. Waarom is Eve se antwoord sinies in raam 7?
11. Waarin lê die humor van die situasie?
12. Wat erken Madam eintlik in die laaste raam?
13. Watter karakter word 'belaglik' voorgestel – Madam of Eve? Gee 'n rede vir jou antwoord.
14. Wat is die verskil in betekenis tussen die volgende onderstreepte woorde: **liggelowig**, **kleingelowig**, **ongelowig**, **bygelowig**? Maak 'n sin met elkeen om die verskil in betekenis aan te dui.

### 5.11.4 Strokiesprent 4:



One of our top ten all-time favourite Madam & Eve cartoon strips.

**Uit: Madam & Eve: Madam & Eve's Greatest Hits deur S. Francis, H. Dugmore & Rico (1977: 139).**

**Vrae:**

1. Waaruit kan 'n mens uit die eerste raam aflei dat dit nie moeilik is om dié dogtertjie op te pas nie?
2. Waaruit kan 'n mens aflei dat die 'ouma' nie 'n maklike persoon is om mee oor die weg te kom nie?
3. Watter gevoel druk die woord 'sigh' in raam 4 uit?
4. Hoekom, dink jy, voel die ou dame so?

5. In raam 6 is daar geen dialoog nie. Kan 'n mens ten spyte daarvan iets uit die raam aflei?
6. Waarom is dit vir die ou dame moeilik om vir die dogtertjie 'n sprokiesverhaal te vertel?
7. Wat kan 'n mens uit die dogtertjie se antwoorde aflei, is haar kennis van strokiesverhale?
8. Waarin is die humor in die strokiesprent geleë?
9. Verduidelik die ou dame se woorde in die laaste raam.
10. Waarop dui die dogtertjie se antwoord in die laaste raam?
11. Wat is die funksie daarvan dat sekere woorde groter en donkerder geskryf is as die ander woorde in die ander rame?

#### 5.11.5 Strokiesprent 5:

Die dialoog in die eerste raampie van die strokiesprent hieronder is weggelaat. Voltooi deur die woorde in te vul na aanleiding van die dialoog en die lyftaal in die ander raampies.



#### 5.11.6 Strokiesprent 6:


Bestudeer die volgende strokiesprente en stel vrae daarop op wat die inhoud en betekenis van die prent sal weergee. Dit is ook belangrik dat die humor in die raampies geïdentifiseer sal word.



zitts



stoffel



peanuts



**Opdrag 7:**

Versamel soveel as moontlik kopieë van verskillende soorte strokiesprente wat in Afrikaans in dagblaai en tydskrifte gepubliseer word en evalueer die verskillende strokiesprente n.a.v. die volgende kriteria:

- ✚ humor
- ✚ duidelikheid
- ✚ effektiwiteit